# Christus
# En
# Sy Geregtigheid

Deur Ellet J.Waggoner

# Christus
# En
# Sy Geregtigheid

Ellet J. Waggoner

Vertaal na Afrikaans in 2017

vanuit die oorspronklike teks

Jan 1889

Bybeltekse vanuit 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling

# Inhoudsopgawe

Christus en Sy Geregtigheid .......................................... 4

Hoe sal ons Christus sien? ............................................. 6

Is Christus God? ................................................................ 7

Christus as Skepper .................................................... 12

Is Christus 'n Geskape Wese? ...................................... 14

God in die Vlees Geopenbaar ...................................... 17

Belangrike Praktiese Lesse .......................................... 23

Christus die Wetgewer ................................................. 28

Die geregtigheid van God ............................................ 34

Die Here ons Geregtigheid .......................................... 42

Aanvaarding met God .................................................. 51

Die oorwinning van Geloof .......................................... 57

Slawe en Bevryde Mense ............................................. 62

Praktiese Illustrasies van Verlossing van Slawerny ....... 65

# Christus en Sy Geregtigheid

In die eerste vers van die derde hoofstuk van Hebreërs is daar ‘n vermaning, wat al die opdragte aan die Christen omvat. Dit lees as volg: “Daarom, heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping, let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Christus Jesus.” Deur dit te doen soos wat die Bybel dit verlang van ons, deur gedurigdeur met intellegensie op te let na Christus, net soos Hy is, sal ons verander in ‘n volkome Christen, want “deur aanskoue word ons verander.

Bedienaars van die evangelie het ‘n geïnspireerde opdrag om die tema, Christus, gedurigdeur aan die mense voor te hou, en om alleenlik die aandag op Hom te vestig. Paulus se woorde aan die Korintiërs is, “want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.” (1 Korintiërs 2:2), en daar is geen rede om te glo dat sy prediking hier enigsins verskil het van sy prediking op ander plekke nie. Inderdaad, hy vertel ons dat, toe God Christus in hom openbaar het, was dit sodat hy Christus kon verkondig onder die heidene (Galasiërs 1:15, 16), en sy vreugde was dat genade aan hom geskenk is “om onder die heidene die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig” Efesiërs 3:8.

Maar die feit dat die apostels slegs Christus verkondig het, is nie die enigste rede hoekom ons Hom verheerlik nie. Sy naam is die enigste naam gegee onder die hemel waardeur die mens gered kan word. Handelinge 4:12. Christus het self verklaar “niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.” Johannes 14:6. Aan Nikodemus het Hy gesê, “En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” Johannes 3:14, 15. Die “verhoging” van Jesus, wat primêr verwys na die

kruisiging, omvat meer as die historiese feite; dit beteken dat Christus "verhoog" moet word deur almal wat in Hom glo, as die gekruisigde Verlosser, wie se genade en heerlikheid groot genoeg is om die wêreld se grootste nood te verlig; dit beteken dat Hy "verhoog" moet word in sy uitnemende lieflikheid en mag, as "God met ons," sodat Sy Goddelike aantreklikheid almal mag trek na Hom. Sien Johannes 12:32.

Die vermaning om Christus voor te hou, asook die rede daarvoor, word verduidelik in Hebreërs 12:1-3: "Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het. Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie." Dit is slegs deur gedurigdeur en met gebed vir Jesus voor oë te hou, soos wat Hy in die Bybel geopenbaar word, dat ons kan aanhou goed doen, en onsself kan weerhou van moedeloos word en opgee langs die pad.

Weereens, ons moet Jesus aanskou, want "in (Hom is) al die skatte van wysheid en kennis verborge." Kolossense 2:3. Wie ook al wysheid kortkom, word aangesê om God te raadpleeg, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en die belofte is dat dit aan hom gegee sal word, maar die gewensde wysheid word slegs in Christus bekom. Die wysheid wat nie van Christus kom nie, en wat dus nie na Christus lei nie, is slegs dwaasheid, want God, as die bron van alle dinge, is die Outeur van Wysheid; onkunde omtrent God is die ergste vorm van dwaasheid (sien Romeine 1:21, 22), en al die wysheid en kennis is verborge in Christus, sodat hy wat net die wysheid van hierdie wêreld ken, in werklikheid niks weet nie. En omdat alle mag in die hemel en op die aarde aan Christus gegee is, verklaar die apostel Paulus, "Christus die krag van God en die wysheid van God." 1 Korintiërs 1:24.

Daar is egter een teks wat alles opsom wat Christus vir die mensdom is, en die omvattende rede verstrek hoekom ons Christus moet aanskou. Dit is: “Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.” 1 Korintiërs 1:30. Ons is onkundig, boos en verlore. Christus is vir ons wysheid, geregtigheid, heiligmaking en verlossing. Wat ‘n verandering! Van onkunde en sonde tot by geregtigheid en verlossing. Die mens se hoogste aspirasies en nood kan nie reik buite die grense van wat Christus vir ons is en wat Hy alleen vir ons is nie. Dit verstrek genoeg rede hoekom ons alle oë op Hom moet rig.

## Hoe sal ons Christus sien?

Maar hoe sal ons na Christus oplet? Net soos wat Hy Homself openbaar aan die wêreld; volgens die getuienis wat Hy oor Homself dra. In die wonderlike preek van Johannes 5, sê Jesus, “Want soos die Vader die dode opwek en lewend maak, so maak ook die Seun lewend wie Hy wil. Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.” Johannes 5:21-23.

Aan Christus is die hoogste reg gegee, om te oordeel. Hy moet dieselfde eer ontvang as die Vader, en om daardie rede is Hy God. Die geliefde dissipel dra hierdie getuienis, “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.” Johannes 1:1. Hierdie Goddelike Woord is niemand anders as Jesus Christus, en word duidelik verklaar in vers 14: “En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.”

Die Woord was "in die begin." Die menslike verstand kan nie die eras begryp wat hierdie frase omvat nie. Dit is nie die mens beskore om te weet hoe of wanneer die Seun gebore is nie; maar ons weet dat Hy die Goddelike Woord was, nie net voordat Hy na die wêreld gekom het om hier te sterf nie, maar voordat die wêreld gemaak is. Net voor sy kruisiging was sy gebed, "En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was." Johannes 17:5. Meer as 700 jaar voor sy eerste koms, is sy koms na die wêreld voorspel met die woorde van inspirasie, "En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid." Miga 5:1. Ons weet Christus "… het uit God uitgegaan en gekom (van God)" (Johannes 8:42, sien ook King James Bybel). Maar dit was so ver terug in die eeue van die ewigheid, dat die menslike verstand dit nie kan begryp nie.

## *Is Christus God?*

Op baie plekke in die Bybel word na Christus as God verwys. Die psalmis sê, "Die God van die gode, die HERE, spreek en roep die aarde, van die opgang van die son af tot sy ondergang toe. Uit Sion, die volkomenheid van skoonheid, verskyn God in ligglans. Onse God kom en kan nie swyg nie. Vuur verteer voor sy aangesig, en rondom Hom storm dit geweldig. Hy roep na die hemel daarbo, en na die aarde, om sy volk te oordeel: Versamel my gunsgenote vir My, hulle wat my verbond by die offer sluit! En—die hemele verkondig sy geregtigheid, want God staan gereed om te oordeel!" Psalm 50:1 – 6.

Dat hierdie tekste verwys na Christus kan gesien word (1) in die feit dat alle oordeel aan die Seun gegee is, soos reeds uitgewys, en (2) deur die feit dat dit by die tweede koms van Christus is wanneer Hy sy engele sal stuur om

al sy uitverkorenes te versamel uit die vier windstreke. Matteus 24:31. “Onse God kom en kan nie swyg nie.” Nee. “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God” 1 Tessalonisense 4:16. Hierdie roep sal die stem van die Seun van God wees, wat deur almal wat in die grafte is, gehoor sal word, en dit sal hulle uit die grafte roep. Johannes 5:28, 29. Saam met die lewende regverdiges, sal hulle saam met Hom in die wolke weggevoer word, die Here tegemoet, in die lug, en so sal ons altyd by Hom wees, en dit beskryf “ons vereniging met Hom.” 2 Tessalonisense 2:1. Vergelyk Psalm 50:2; Matteus 24:31, en 1 Tessalonisense 4:16.

“Vuur verteer voor sy aangesig, en rondom Hom storm dit geweldig.” (Psalm 50:3) Wanneer die Here Jesus openbaar word vanuit die hemel saam met sy magtige engele, sal dit wees “in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie.” 2 Tessalonisense 1:8. Dus weet ons dat Psalm 50 ‘n uitnemende beskrywing is van die tweede koms van Christus vir die verlossing van sy mense. Wanneer Hy kom, sal dit wees as “die magtige God” en “die God van die gode.” Sien Habakkuk 3.

Dit is een van sy regmatige titels. Lank voor Christus se eerste koms, het die profeet hierdie aanmoedigende woorde gespreek, “Want ‘n Kind is vir ons gebore, ‘n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors.” Jesaja 9:6.

Hierdie is nie maar net die woorde van Jesaja nie, dit is die woorde van die Gees van God. God het, toe Hy die Seun direk aangespreek het, Hom genoem op dieselfde titel. In Psalm 45:7 lees ons, “U troon, o God, is vir ewig en altyd; die septer van u koninkryk is ‘n regverdige septer.” Die haastige en onoplettende leser sal aanneem dat dit die psalmis se verering van God is, maar as ons na die Nuwe Testament blaai, vind ons baie meer hieroor. Ons

vind dat die Vader die spreker is, en dat Hy die Seun aanspreek, en Hom God noem. Sien Hebreërs 1:1-8.

Hierdie naam is nie toegesê aan Christus as gevolg van een of ander groot prestasie nie, maar Hy het dit bekom deur die reg van ‘n erfenis. Terwyl hy die grootheid en mag van Christus aanspreek, sê die skrywer aan die Hebreërs dat Hy soveel beter gemaak is as die engele, omdat “Hy ‘n voortrefliker naam geërf het as hulle.” Hebreërs 1:4. ‘n Seun neem altyd regmatiglik die Naam van die Vader aan; en Christus, as die engigebore Seun van God, het ook regmatiglik dieselfde naam. ‘n Seun is ook, min of meer, ‘n kopie van die vader; hy het, tot ‘n sekere mate, die kenmerke en persoonlike karaktereienskappe van die vader; nie ‘n perfekte weergawe van die vader nie, want daar is geen perfekte weergawe van die vader onder mense nie. Maar daar is geen onvolmaaktheid in God nie, of in enige van sy werke nie; dus is Christus die “afdruksel van sy wese.” Hebreërs 1:3. As die Seun van ‘n selfbestaande God, het Hy in sy natuur al die eienskappe van die Godheid.

Dit is waar dat daar baie seuns van God is, maar Christus is die “eniggebore Seun van God,” en daarom is Hy die Seun van God in ‘n sin waarop geen ander wese aanspraak kan maak nie. Die engele is seuns van God, so ook is Adam die seun van God (Job 38:7; Lukas 3:38) deur die skepping; Christene is seuns van God deur aanneming (Romeine 8:14, 15), maar Christus is die Seun van God deur geboorte. Die skrywer van Hebreërs wys ook daarop dat Christus nie die Seun van God is as ‘n posisie waartoe Hy verhef is nie, maar dis ‘n posisie waartoe Hy die reg het. Hy vertel dat Moses ‘n getroue dienaar was in die huis van God, “maar Christus as Seun oor sy huis.” Hebreërs 3:6. Hy wys ook daarop dat Christus die bouer van die huis is. Vers 3. Dit is Hy wat die tempel van die Here bou en wat die majesteit verkry. Sagaria 6:12, 13.

Christus het self ander uitdruklik geleer dat Hy die Seun van God is. Toe die jongman gekom en gevra het, “Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?” het Jesus eers gesê voordat hy die vraag beantwoord

het, “Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God.” Markus 10:17, 18. Wat het Jesus probeer sê met hierdie woorde? Het Hy bedoel om die naam waarmee Hy aangespreek is, aan Homself te ontsê? Het Hy probeer aandui dat Hy nie goed is nie? Was dit ‘n beskeie vernedering van Homself? Glad nie, want Christus was absoluut goed. Vir die Jode, wat daarop uit was om fout by Hom te vind om Hom aan te kla, het hy met vrymoedigheid verklaar, “Wie van julle oortuig My van sonde?” Johannes 8:46. In die hele Joodse nasie was daar niemand wat Hom ‘n negatiewe ding sien doen het of ‘n woord hoor praat het wat selfs net lyk na kwaad nie. Hulle wat vasberade was om Hom te veroordeel, moes valse getuies teen Hom inwin. Petrus verklaar, “Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie.” 1 Petrus 2:22. Paulus sê Hy “het geen sonde geken nie.” 2 Korintiërs 5:21. Die psalmis sê, “…die HERE … is, my rots, en in Hom is geen onreg nie.” Psalm 92:16. En Johannes sê, “En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie.” 1 Johannes 3:5.

Christus kon Homself nie verloën nie, daarom kon Hy nie sê dat Hy nie goed was nie. Hy is en was absoluut goed, die volmaaktheid van goedheid. En omdat daar niemand behalwe God is wat goed is nie, volg dit dat Christus God is. Dit is wat Hy die jongman wou wys.

Dit is wat Hy die dissipels geleer het. Toe Filippus gevra het, “Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg,” het Jesus geantwoord, “Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader?” Johannes 14:8, 9. DIt is so duidelik soos Sy verklaring: “Ek en die Vader is een.” Johannes 10:30. Waarlik was Christus God, selfs hier onder die mense, sodat, toe Hy gevra is om die Vader te openbaar, Hy aangedui het ‘Aanskou My.’ Dit herinner mens aan die stelling, toe die Vader die Eersgeborene in die wêreld ingebring het, het Hy gesê, “En al die engele van God moet Hom aanbid.” Hebreërs 1:6. Dit was nie net toe Christus die heerlikheid van die Vader gedeel het voordat die wêreld daar was, dat Hy die aanbidding waardig was nie, maar toe Hy in

Betlehem gebore is as ‘n Baba, selfs toe is al die engele opdrag gegee om Hom te aanbid.

Die Jode het nie Christus se lering omtrent Homself misverstaan nie. Toe Hy aangedui het dat Hy en die Vader een is, het die Jode klippe opgetel om Hom te stenig. Toe Hy gevra het vir watter van sy goeie werke hulle Hom wou stenig, was hulle antwoord, “Dit is nie oor ‘n goeie werk dat ons U stenig nie, maar oor godslastering, en omdat U wat ‘n mens is, Uself God maak. “ Johannes 10:33. As Hy was wat hulle gedink het Hy was - ‘n gewone man – sou sy woorde godslasterlik gewees het, maar Hy was God.

Die doel van Christus se sending na die aarde, was om God te openbaar aan mense, sodat hulle na Hom kon kom. Daarom sê die apostel Paulus, “dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het” 2 Korintiërs 5:19. In Johannes lees ons dat die Woord, wat God was, “vlees geword het.” (Johannes 1:1, 14, sien ook King James Bybel.) In dieselfde asem word gesê, “Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar.” Johannes 1:18.

Let op die stelling “die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is.” Hy bly altyd daar, en as deel van die Godheid is Hy altyd daar, selfs toe Hy op aarde was, en ook in die hemel. Die gebruik van die teenwoordige tyd dui voorgesette bestaan aan. Dit dui dieselfde idee aan as wat Jesus te kenne gee aan die Jode, “Voordat Abraham was, is Ek.” Johannes 8:58. En weereens dui dit sy identiteit aan as die Een wat aan Moses verskyn het op die berg, wat sy Naam verklaar het as “EK IS WAT EK IS.”

En uiteindelik vind ons ook die geïnspireerde woorde van die apostel Paulus omtrent Jesus, “dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon.” Kolossense 1:19. Ons leer in die volgende hoofstuk in Kolossense omtrent die volheid wat in Christus woon, as ons vertel word, “…in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik.” Kolossense 2:9. Hierdie is die absolute en ondubbelsinnige getuienis dat Christus deur sy natuur alle

eienskappe van die Godheid besit. Die Goddelikheid van Christus word veral duidelik as ons die volgende bestudeer:

## Christus as Skepper

Onmiddellik na die dikwels aangehaalde gedeelte, wat aandui dat Christus, die Woord, ook God is, lees ons "…alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie." Johannes 1:3. Dus is alles geskape deur Christus. Opmerkings hieroor kan dit nie duideliker stel nie. Daarom beweeg ons aan na die woorde van Hebreërs 1:1-4 - "… God … het… in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun, wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte, terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle."

Steeds uitdrukliker gestel is die woorde van apostel Paulus aan die Kolossense. Hy praat van Christus as die Een deur wie ons verlossing verkry, en beskryf Hom as "…die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte—alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand." Kolossense 1:15 – 17.

Hierdie wonderlike verse moet versigtig bestudeer word en baie maal deurdink word. Dit laat NIKS uit die heelal uit, wat nie deur Christus geskape is nie. Hy het alles in die hemel en op aarde geskape, asook alles wat nie gesien kan word nie; trone sowel as heerskappye en owerhede en magte; alles is van Hom afhanklik om te bestaan. Omdat Hy voor alle dinge was en

hulle Skepper is, word alle dinge deur Hom in stand gehou. DIt is dieselfde as wat Hebreërs 1:3 sê, dat Hy alle dinge dra deur die krag van sy woord. DIt is deur ‘n woord dat die hemele gemaak is, en deur dieselfde woord word hulle in plek gehou, en word hulle van vernietiging weerhou.

Ons moet ook die volgende aanhaling uit Jesaja 40:25, 26 in ag neem: “By wie sal julle My dan vergelyk, dat Ek net so kan wees? sê die Heilige. Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskare uittrek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is; daar word nie een gemis nie.” of, soos die Joodse vertaling dit meer kragtig uitdruk, “…want Hy, wat groot is in mag, en sterk is in krag, laat nie een ontsnap nie.” Dat Christus die Heilige Een is deur wie die hemelse leërskare geroep word by die naam en hulle in hul plek hou, is duidelik uit ander dele van dieselfde hoofstuk. “Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis ‘n grootpad vir onse God! ” (vers 3). Hy is die een wat kom as ‘n Sterke, sy loon is by Hom, Hy sal sy kudde laat wei soos ‘n herder, Hy sal die lammers aan sy bors dra. (vers 10, 11).

Ons sal volstaan met nog een stelling omtrent Christus as die Skepper. Dit is die getuienis van die Vader self. In die eerste hoofstuk van Hebreërs lees ons dat God met ons gespreek het deur sy Seun, dat Hy van Hom sê, “al die engele van God moet Hom aanbid,” en dat Hy “van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme,” maar aan die Seun sê Hy, “U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is ‘n regverdige septer.” Verder sê God, “U, o Here, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande.” Hebreërs 1:7 – 10. Hier vind ons die Vader wat die Seun aanspreek as God, en aan Hom sê, “U het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande.” As die Vader self hierdie eer aan die Seun gee, wie is die mens om dit van Christus te onthou? Met heirdie direkte getuienis omtrent die Godheid van Christus en die feit dat Hy die Skepper van alle is, volstaan ons.

‘n Woord van versigtigheid mag hier nodig wees. Laat niemand dink dat ons Christus verhef ten koste van die Vader of dat ons die Vader ignoreer nie. Dit is nie moontlik nie, want hulle belange is dieselfde. Ons eer die Vader deur eer aan die Seun te gee. Ons hou in gedagte dat "…vir ons is daar maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom." (1 Korintiërs 8:6), net soos reeds aangehaal is, is dit deur Christus dat God alles geskape het. Alle dinge kom dus van God, die Vader, af voort; selfs Christus het van die Vader voortgekom, maar dit het die Vader behaag dat in Hom alle volheid sal wees, dat Hy die direkte onmiddellike Agent is in elke daad van die skepping. Ons doel met hierdie ondersoek is om Christus in sy regmatige plek van gelykheid met die Vader te stel, sodat Sy krag om te verlos beter waardeer kan word.

## Is Christus ‘n Geskape Wese?

Voordat ons by die praktiese lesse van hierdie waarhede kom, moet ons vir ‘n paar oomblikke stilstaan by die opinie van sommige wie in eerlikheid Christus nie moedswillig sal oneer aandoen nie, maar wie, deur hulle opinie, Christus se Godheid eintlik ontken. Dit is die idee dat Christus ‘n geskape wese is wat, deur die goeie voornemens van God, verhoog is tot sy huidige posisie van eer. Niemand wat hierdie siening het, kan enige korrekte begrip hê van Christus se ware verhewe posisie nie.

Hierdie beskouing is geskoei op ‘n verkeerde interpretasie van ‘n enkele vers, Openbaring 3:14 – "En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God." Dit word verkeerd geïntepreteer dat Christus die eerste geskape Wese in die skepping is – dat God se skepping begin het met Hom. Maar hierdie beskouing is in teenstelling met die Skrifte, wat aandui dat Christus self alle dinge gemaak het. Om te sê dat God sy skepping begin

het deur Christus te skape, is om Christus heeltemal buite die skeppingswerk te plaas.

Die woord “begin” hier is “arche”, wat beteken “hoof.” Dit kom voor in die naam van die Griekse heerser, Archon, in die woord aartsbiskop en in die woord aartsengel. Neem bv. die laaste woord. Christus is die aartsengel. Sien Judas 1:9; 1 Tessalonisense 4:16; Johannes 5:28, 29; Daniël 10:21. Dit beteken nie Hy is die eerste van die engele nie, want Hy is nie ‘n engel nie, maar is hoër as die engele. Hebreërs 1:4. Dit beteken Hy is die hoof van die engele, net soos ‘n aartsbiskop die hoof is van die biskoppe. Christus is die opperhoof van die engele. Sien Openbaring 19:9-14. Hy het die engele gemaak. Kolossense 1:16. Dus beteken die stelling dat Hy die begin of hoof van die skepping van God is, dat in Hom die skepping sy aanvang gevind het. Soos Jesus self sê, Hy is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Openbaring 21: 6; 22:13. Hy is die bron waardeur alle dinge hul oorsprong vind.

Nooit moet ons dink dat Christus ‘n skepsel is nie, want Paulus noem Hom die “Eersgeborene van die hele skepping.” (Kolossense 1:15) Die volgende teksverse dui Hom aan as die Skepper, en nie die skepsel nie. “Want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte—alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.” Omdat Hy alles geskape het wat ooit geskape is en bestaan het voor alle geskape dinge, volg dit duidelik dat Hy nie self onder die skepsels gereken word nie. Hy is bokant die skepsels, en nie deel daarvan nie.

Die Skrif verklaar dat Christus die “eniggebore Seun van God” is. Hy was gebore, nie geskape nie. Presies wanneer Hy gebore is, is nie vir ons om in te sien nie; ons gedagtes kan dit nie begryp indien ons wel ingelig sou word nie. Die profeet Miga vertel ons alles wat ons hieromtrent kan weet, “En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat ‘n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit

die voortyd, uit die dae van die ewigheid." Miga 5:1. Daar was 'n tyd toe Christus voortgebring is uit God uit, van die boesem van die Vader (Johannes 8:42; 1:18), maar daardie tyd is so ver terug in die dae van die ewigheid, dat dit vir ons beprekte verstand sonder begin is.

Die punt is dat Christus die eniggebore Seun van God is, en nie 'n geskape wese nie. Hy het deur erfenis 'n voortrefliker naam verkry as die engele; Hy is 'n "Seun oor sy huis." Hebreëers 1:4; 3:6. En omdat Hy die eniggebore Seun van God is, verkry Hy die natuur en wese van God, en deur geboorte verkry Hy alle eienskappe van God, want die Vader wou dit so gehad het dat die Seun die afdruksel van sy wese word, die afskynsel van sy heerlikheid, en vervul met die volheid van die Godheid. Dus dra Hy lewe in Homself. Hy besit onsterflikheid in Homself, en kan lewe verleen aan ander. Lewe vind inwoning in Hom, sodat dit nie van Hom verwyder kan word nie. Nadat Hy dit self vrywilliglik afgelê het, kan Hy dit weer opneem. "Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang." Johannes 10:17, 18.

As enigiemand vra hoe kan Christus onsterflik wees, en tog het Hy gesterf, kan ons maar net antwoord dat ons nie weet nie. Ons maak geen aannames omtrent die ewigheid nie. Ons kan nie verstaan hoe Christus in die begin God kon wees, deur dieselfde heerlikheid as die Vader deelagtige te kan wees voordat die wêreld begin het, en steeds gebore kan word as 'n Baba in Betlehem nie. Die geheimenis van die kruisiging en opstanding is dieselfde as die geheimenis van die vleeswording. Ons kan nie verstaan hoe Christus God kan wees en steeds mens kon word ter wille van ons nie. Ons kan nie verstaan hoe Christus die wêreld uit niks kon maak, of hoe hy die dode laat opstaan nie, of hoe Hy deur sy Gees in ons harte werk nie. Nogtans glo ons en weet ons hierdie dinge. Dit is vir ons genoeg om hierdie dinge, wat God openbaar het, as waarheid te aanvaar, sonder om te struikel oor dinge wat selfs die engele nie verstaan nie. Ons verheug ons oor die oneindige mag

en heerlikheid, wat, volgens die Skrif, aan Christus behoort, sonder om ons eindige gedagtes te belaai met 'n poging om die oneindige te verklaar nie.

Ten slotte, ons ken die Goddelike eenheid van die Vader en die Seun vanuit die feit dat hulle dieselfde Gees het. Paulus verklaar dat hulle wat in die vlees is, God nie kan behaag nie, en gaan voort, "julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie." Hier vind ons dat die Gees van God en die Gees van Christus beide die Heilige Gees is. Christus is in die boesem van die Vader, van nature van dieselfde wese as die Vader en dra lewe in Homself. Hy word regmatiglik Jehova genoem, die self-bestaande Een en word dus omskryf in Jeremia 23:5, 6, waar Hy beskryf word as die regverdige Spruit, wat as Koning sal regeer en verstandig sal handel, en die naam waarmee Hy genoem sal word is die naam van Jehova – DIE HERE ONS GEREGTHEID.

Laata niemand dan, wat Christus eer, enige minder eer aan Christus gee as aan die Vader self, want dit op sigself sal die Vader oneer aanbring. Laat almal, saam met die engele in die hemel, die Seun aanbid, sonder vrees dat hulle die skepping in plaas van die Skepper eer.

En nou, met die gedagtes gevul met Christus se Goddelikheid, laat ons die wonderlike verhaal van sy vernedering aanhoor.

## *God in die Vlees Geopenbaar*

"En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon." Johannes 1:14.

Geen woorde kan duideliker uitspel dat Christus beide God en mens was nie. Hy was oorspronklik net God, maar het op Homself die vleeslike natuur

geneem en het onder ons beweeg as ‘n gewone sterfling, behalwe vir die kere toe Sy Goddelikheid deurgeflits het. Soos by die reiniging van die tempel, en toe sy snydende woorde van eenvoudige waarheid selfs sy vyande oortuig het dat niemand ooit so gespreek het soos Hy nie.

Paulus verduidelik aan die Filippense die vernedering wat Christus moes deurmaak. “Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van ‘n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as ‘n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.” Filippense 2:5-8. Die boodskap is dat, alhoewel Christus in die gestalte van God was, “die afskynsel van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese,” terwyl Hy al die eienskappe van God gehad het, as die Heerser van die heelal, en die Een vir wie die hele Hemel geëer het, het Hy nie enige van hierdie dinge as begeerlik geag nie, nie solank die mens verlore en sonder krag was nie. Hy kon Sy heerlikheid geniet terwyl die mensdom ‘n uitgeworpene, sonder hoop, was nie. Dus het Hy Homself ontledig van al sy rykdom en heerlikheid, en op Homself die natuur van die mens geneem, sodat Hy die mens kan verlos. Dus kan ons Christus se eenheid met God verstaan deur sy woorde “My Vader is groter as Ek.” (Johannes 14:28)

Dit is vir ons onmoontlik om te verstaan hoe Christus, as God, Homself kon verneder tot die kruisdood; dit is nutteloos vir ons om hieroor te spekuleer. Al wat ons kan doen is om die feite te aanvaar soos aan ons deurgegee in die Bybel. As die leser dit moeilik vind om sommige van die stellings in die Bybel oor Christus se natuur te harmoniseer, laat hom onthou dat dit onmoontlik is om hierdie dinge te verduidelik aan enigiemand met ons beperkte verstand. Net soos wat dit onnatuurlik is om die heidene in te ent op die loot van Israel, is soveel van die Goddelike ekonomie ‘n paradoks vir die menslike verstand.

Ander skrifte, wat ons sal aanhaal, bring vir ons ‘n beter verduideliking van die menslikheid van Christus en wat dit vir ons beteken. Ons het reeds gelees “die Woord het vlees geword en onder ons gewoon.” Nou sal ons lees wat Paulus sê omtrent hierdie natuur van die vlees. “Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.” Romeine 8:3, 4.

Deur dit logies te oordink, vind mens dat, indien Christus die gelykheid van die mens op Homself geneem het om die mens te verlos, dan moes Hy gelyk word aan die sondige natuur van die mens, want Hy het die sondige mens kom verlos. Die dood kon geen mag oor ‘n sondelose natuur hê nie, soos toe Adam in Eden was, en dit kon geen mag oor Christus gehad het nie, indien die Here nie die boosheid van ons almal op Hom gelê het nie. Meer as dit, toe Christus die menslike vlees op Homself geneem het, nie as ‘n sondelose wese nie, maar as ‘n sondige mens, dit is, dat die vlees wat Hy op Homself geneem het, al die sondige neigings and swakhede van die gevalle natuur gehad het, word gegee in die stelling omtrent “Sy Seun, wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid.” (Romeine 1:3). Dawid het al die hartstogte van die menslike natuur gehad. Hy het van homself gesê, “Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang.” Psalm 51:7.

Die volgende stelling in die boek van die Hebreërs maak hierdie punt baie duidelik:

“Want waarlik, Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die geslag van Abraham bekommer Hy Hom.” (King James Version: For verily he took not on *him the nature of* angels; but he took on *him* the seed of Abraham.) “Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy ‘n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in

betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen. Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word. ” Hebreërs 2:16-18.

Omdat Hy in alle opsigte gelyk geword het aan sy broers, het Hy alles gely en was onderhewig aan al die versoekings en swakhede van sy broers. Nog twee tekste wat hierdie punt baie duidelik maak, sal genoeg getuienis wees hieromtrent. Eerstens kyk ons na 2 Korintiërs 5:21 – “Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.”

Dit is baie sterker gestel as die stelling dat Hy sy Seun in die “gelykheid van die sondige vlees” gestuur het (Romeine 8:3). Hy is sonde gemaak. Hier is dieselfde geheimenis as dat die Seun van God sou sterf. Die vlekkelose Lam van God, wat geen sonde geken het nie, is sonde gemaak. Sondeloos, maar nie net gereken as ‘n sondaar nie, het Hy die sondige natuur op Hom geneem. Hy is “sonde” gemaak sodat ons “geregtigheid” gemaak kan word. So het Paulus aan die Galasiërs verduidelik, “Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit ‘n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang.” Galasiërs 4:4, 5.

“Deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word.” “Want ons het nie ‘n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word. ” Hebreërs 2:18. 4:15, 16.

Nog een punt en dan het ons die hele les gedek omtrent die feit dat die Woord vlees geword het en onder ons gewoon het. Hoe kon dit wees dat Christus bevang was met swakheid? (Hebreërs 5:2) en steeds nie sonde geken het nie? Sommige mag dink dat ons die karakter van Christus in

waarde verminder het deur Hom af te bring na die vlak van ons sondige natuur. Inteendeel, ons verhoog die Goddelike mag van ons geseënde Verlosser, wat vrywilliglik afgedaal het na die vlak van die sondige mens, sodat Hy die mens kan verhoog na Sy eie sondelose reinheid, wat Hy behou het onder die moeilikste omstandighede. Sy menslikheid het sy goddelike natuur versluier, waadeur Hy onafskeidbaar gekonnekteer was met die onsienlike God en waarmee Hy die sondige swakheid van die vlees suksesvol kon oorkom. Sy hele lewe was een groot stryd. Die vlees, wat aangewakker is deur die vyand van geregtigheid, was geneig tot sonde, tog het sy goddelike natuur geen oomblik 'n bose begeerte gehuisves nie en sy goddelike krag het nie gewyfel nie. Nadat Hy alles deurgemaak het wat 'n mens ooit kan deurmaak, het Hy teruggekeer na die Vader, net so vlekkelose as wat Hy was toe Hy die hemelse howe verlaat het. Toe Hy in die graf gelê het, onder die mag van die dood, was dit vir Hom "onmoontlik om daardeur vasgehou te word," want Hy het "geen sonde geken nie."

Maar iemand mag die opmerking maak, "Ek sien geen troos vir my hierin nie. Ek het wel 'n voorbeeld, maar ek kan dit nie navolg nie, want ek het nie die krag wat Christus gehad het nie. Hy was God selfs terwyl Hy op aarde was; ek is maar net 'n mens." Ja, maar jy kan dieselfde krag verkry as wat Hy gehad het, as jy dit WIL hê. Hy was "self ook met swakheid bevange" (Hebreërs 5:2); nogtans het Hy "geen sonde gedoen nie" (1 Petrus 2:17), as gevolg van die goddelike krag wat gedurig in Hom was. Luister nou na die geïnspireerde woorde van die apostel Paulus en leer watter voorreg ons kan hê:

"Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang, dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens, sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken

wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.” Efesiërs 3:14-19.

Wie kan vir meer vra? Christus, in wie al die volheid van die Godheid liggaamlik woon, kan in ons harte woon sodat ons vervul kan word met die volheid van God. Wat ‘n wonderlike belofte! Hy kan met ons swakheid medelye hê. (Hebreërs 4:15) Dit beteken, nadat Hy alles gely het waartoe sondige natuur aanleiding gee, weet Hy alles daarvan af. Hy assosieer Homself so nou met sy kinders dat, alles wat hulle raak, raak Hom ook, en Hy weet hoeveel Goddelike krag is nodig om dit te oorkom, en as ons maar net opreg begeer om die “goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede” af te lê, is Hy bekwaam en angstig om ons die krag te gee “ver bo alles wat ons mag bid of dink.” (Efesiërs 3:20) Al die mag wat Christus in Homself het deur sy natuur, mag ons besit binne onsself deur genade, want Hy gee dit vrylik aan ons.

Laat die moeë, swak en sonde-belaaide siele moed skep. Laat hulle “met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word, ” want daardie nood word gevoel deur ons Verlosser juis op daardie tydstip. Hy is een wat met ons swakhede medelye kan hê. As dit so was dat Hy net 1800 jaar gelede gely het, sou ons kon vrees dat Hy somminge van die swakhede kon vergeet het, maar nee, die versoeking wat jou in verdrukking plaas, raak Hom ook aan. Sy wonde is altyd vars, en Hy lewe vir ewig om in te tree vir jou.

Watter wonderlike geleenthede is daar vir die Christen! Watter hoogtes van heiligheid kan hy bereik! Maak nie saak hoe groot die oorlog is wat Satan na hom slinger nie, deur hom aan te val waar die vlees die swakste is, hy kan vernag onder die vleuels van die Almagtige, en hy kan vervul word met die volheid van God se krag. Die een wat sterker is as Satan kan in sy hart woning vind, en dus kan hy Satan se aanvalle vanuit ‘n sterk toring aanskou, en sê, “Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.” (Filippense 4:13).

# Belangrike Praktiese Lesse

Christus as God en Skepper moenie slegs benader word as 'n gewone teorie of dogma nie. Elke leerstelling van die Bybel is daar vir ons praktiese voordeel en moet as sulks ondersoek word. Laat ons eers ondersoek wat die verband is tussen hierdie leerstelling en die sentrale gebod in die wet van God. In Genesis 2:1 – 3 word die skeppingsverhaal voltooi met die volgende woorde, "So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak." Die Joodse vertaling maak dit meer prakties, " Thus were finished the heavens van die earth and all their host. And God had finished on the seventh day His work which He had made," ens. Dieselfde frase vind ons in die vierde gebod, Eksodus 20:8-11.

Hierin vind ons 'n natuurlike ding – Hy wat geskep het, het gerus. Hy wat ses dae gewerk het om die aarde te skape, het gerus op die sewende dag, en dit geseën en dit geheilig. Maar ons het reeds geleer dat God die wêreld gemaak het deur sy Seun Jesus Christus en dat Christus alles geskep het wat bestaan. Daarom kom ons tot die slotsom dat Christus gerus het op die sabbatdag, aan die einde van die ses-dae-skeppingsweek en dit geseën en geheilig het. Daarom behoort die sewende dag – die Sabbat – uitdruklik aan die Heer (die volle persoonlikheid van God word op die dag geprojekteer om so 'n volledige begrip daarvan deur te gee). Toe Jesus aan die Fariseërs met hulle aanhoudende, nietige, ongegronde kritiek, sê, "die Seun van die mens is Here ook van die sabbat" (Matteus 12:8) het Hy sy heerskappy verklaar oor dieselfde dag wat hulle so nougeset onderhou het in hulle formalisme. Hy het dit gedoen met woorde wat sy stempel van outoriteit demonstreer het, deurdat Hy groter as die tempel was. Daarom is die sewende dag die Goddelike aangewese gedenkteken van die skepping. Dit is die mees geeërde dag van alle dae, want die spesiale doel van die dag is om die skeppingskrag

van God in herinnering te bring, dit is dus ‘n bewys van Sy Goddelikheid. Dus, as Christus Homself as Seun van die mens ook as Here van die Sabbat verklaar, maak Hy aanspraak op ‘n hoë verering – Hy is niks minder as die Skepper, deur Wie se Goddelikheid die dag as ‘n gedenkdag staan.

Wat sê ons aan dié wat die voorstel maak dat Christus die dag verander het, vanaf ‘n dag wat ‘n gedenkteken is van die volledige skepping, na ‘n dag wat geen betekenis dra nie? Doodeenvoudig dit: Vir Christus om die sabbat te verander of af te skaf, sou beteken dat dit wat ons herinner aan sy Goddelikheid, tot niet gemaak word. As Christus weggedoen het met die sabbatdag, sou Hy sy eie handewerk ontdaan gemaak het, en daarom teen Homself opgetree het, en ‘n koninkryk wat teen homself gerig is, kan nie bly staan nie. Maar Christus “kan Homself nie verloën nie” en daarom het Hy geen jota or tittel verander wat Hyself verklaar het nie, en wat, deurdat dit getuig van sy Goddelikheid, bewys dat Hy waardig is om aanbidding te ontvang bo alle heidense afgode. Dit sou net so onmoontlilk gewees het vir Christus om die sabbatdag te verander, as wat dit onmoontlik sou wees om die feit dat Hy alles geskape het in ses dae, en die sewende dag gerus het, te verander.

Weereens, die dikwels herhaalde verklaring dat God die Skepper is, word bedoel as ‘n bron van krag. Let op hoe die skepping en verlossing verbind is deur die eerste hoofstuk van Kolossense.

Kolossense 1:9 – 19: “Daarom hou ons ook nie op nie, van die dag af dat ons dit gehoor het, om vir julle te bid en te vra dat julle vervul mag word met die kennis van sy wil in alle wysheid en geestelike insig, sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei, en met alle krag bekragtig word volgens die mag van sy heerlikheid tot alle lydsaamheid en lankmoedigheid met blydskap, en die Vader mag dank wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig— Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die

koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes. Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte—alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand. En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees. Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon."

Dit is nie toevallig dat die wonderlike verklaring van Christus as Skepper verbind word met die stelling dat ons in Hom verlossing het nie. Nee. As die apostel verklaar dat ons "met alle krag bekragtig word volgens die mag van sy heerlikheid," wil hy aan ons wys hoe wonderlik hierdie krag is. As hy ons vertel omtrent ons verlossing uit die mag van die duisternis, wys hy ons iets omtrent die mag van die Verlosser. Dit is tot ons troos dat ons vertel word dat die hoof van die kerk ook die Skepper van alle dinge is. Ons word vertel dat Hy alle dinge dra deur die woord van sy krag (Hebreërs 1:3), sodat ons rus kan vind in die versekering:

"Die hand wat die skepping dra
Sal sy kinders ook versorg."

Let op die verband met Jesaja 40:26. Hierdie hoofstuk beeld die wonderlike wysheid en krag van Christus uit, deurdat Hy die hemelleërskare by name roep, en hulle almal in plek plaas, deur die grootheid van sy krag en omdat Hy sterk van vermoë is. Daarna volg die ondersoek, "Waarom sê jy dan, o Jakob, en spreek jy, o Israel: My weg is vir die HERE verborge, en my reg gaan by my God verby? Weet jy dit nie? Of het jy dit nie gehoor nie? 'n Ewige God is die HERE, Skepper van die eindes van die aarde; Hy word nie moeg of mat nie; daar is geen deurgronding van sy verstand nie." (Vers 27-28). Inteendeel, "Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie. " (vers 29). Sy krag is, in werklikheid, die vermoë om

alles te skep van niks af nie; daarom kan Hy wonders doen deur die wat geen krag het nie.  Hy kan krag voortbring uit swakheid. Sekerlik moet enigiets wat die skeppingskrag van God tot gedagtenis bring, dus ons geestelike moed en krag hernu.

En dit is juis waarvoor die sabbat ontwerp is. Lees die 92ste Psalm. Dit is getiteld 'n lied vir die sabbatdag.

Ps. 92: 2–5 Dit is goed om die HERE te loof en tot eer van u Naam te psalmsing, o Allerhoogste, om in die môre u goedertierenheid te verkondig en u getrouheid in die nagte; by die tiensnarige instrument en by die harp, by snarespel op die siter.  Want U het my bly gemaak, HERE, deur u dade; ek jubel oor die werke van u hande.

Wat het dit te doen met die sabbatdag?  Juis dit: Die sabbat is 'n gedenkteken van die skepping. "Daarby het Ek ook my sabbatte aan hulle gegee om 'n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle heilig." Esegiël 20:12.  Die psalmis het die sabbat onderhou soos wat dit onderhou moet word - deur die skepping en wonderlike krag en goedheid van God wat daarin vertoon word, te oordink. En, deur dit te oordink, besef hy dat die God, wat die lelies van die veld beklee met heerlikheid wat dié van Salomo oortref, baie meer omgee vir sy intellegente skepsels.  Soos wat hy die krag en die heerlikheid van God aanskou, en besef dat hulle gemaak is uit niks, word hy aangemoedig deur die feit dat dieselfde krag ook in hom werk om hom te verlos van menslike swakheid. Daarom is hy bly en hy juig oor die werke van God se hande. Die kennis van God wat na hom kom deur die oordenking van die skepping, vul hom met moed, omdat hy besef dat dieselfde krag ook aan hom beskikbaar is, en deur die krag aan te gryp in geloof, kry hy oorwinning daardeur. Dit is waarvoor die sabbat ontwerp is: om die verlossingskrag van die God aan die mens te openbaar.

Die argument, kortliks gestel, is

(1) Geloof in God word gevind in die kennis van sy krag; om Hom te wantrou is om onkunde te openbaar omtrent sy vermoë om sy beloftes waar te maak; ons geloof in Christus is in verhouding met ons werklike kennis van sy krag.

(2) ‘n Intelligente oorweging van God se skepping gee ons ‘n ware begrip van sy krag, want sy ewige krag en Godheid word verstaan deur die dinge wat Hy gemaak het.

(3) Dit is geloof wat oorwinning gee (1 Johannes 5:4); daarom, omdat geloof kom deur die krag van God deur sy Woord te leer ken, vind ons oorwinning deur die werke van sy hande. Die sabbat is ‘n herdenking van die skepping, en indien na behore onderhou, word dit ‘n bron van die Christen se grootste versterking in die stryd.

Dit is die belangrikheid van Esegiël 20:12. “Daarby het Ek ook my sabbatte aan hulle gegee om ‘n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle heilig.” Deur die wete dat ons heiligmaking die wil van God is (1 Tessalonisense 4:3; 5:23, 24); leer ons, deur die sabbat na behore te onderhou, wat die krag van God is wat uitgeoefen word ter wille van ons heiligmaking. Dieselfde krag wat voortgebring is om die wêreld te maak, word ook voortgebring vir die heiligmaking van dié wat hulself oorgee aan die wil van God. Sekerlik sal hierdie gedagte, indien volledig begryp word, vreugde en troos bring aan die opregte siel. In hierdie lig kan ons die krag van Jesaja 58:13, 14 waardeer:

“As jy jou voet terughou van die sabbat—om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat ‘n verlustiging noem en die heilige dag van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die HERE, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die HERE het dit gespreek.”

Dus, indien die sabbat onderhou word volgens God se plan, as 'n herdenking van sy skeppingskrag, deur die gedagtes te vul met gedagtes oor die Goddelike krag wat voortgebring word vir die verlossing van sy mense, sal die siel, wat hom verheug oor die werk van Sy hande, hom MOET verheug in die Here. Die sabbat is die groot spilpunt van die hefboom van geloof, wat die siel oplig na die hoogtes van die troonsaal van God, om met Hom gemeenskap te hou.

Met ander woorde, dit kan as volg gestel word: Die ewige krag en Godheid van die Heer word openbaar in die skepping. Romeine 1:20. Dit is die vermoë om te skep wat die krag van God bepaal. Maar die evangelie is die krag van God tot redding. Romeine 1:16. Die evangelie openbaar aan ons die krag, wat dieselfde krag is wat die wêrelde tot stand gebring het, maar word nou aangewend tot die redding van die mensdom. Dit is in elke geval dieselfde krag.

In die lig van hierdie waarheid, is daar geen plek vir die stryd omtrent verlossing wat groter is as die skepping nie, want verlossing is skepping. Sien 2 Korintiërs 5:17; Efesiërs 4:24. Die krag van verlossing is die krag van skepping; die krag van God tot redding is die krag wat menslike nietigheid neem en dit omskep in iets wat in die ewige eeue lof en danksegging aan die heerlkheid van God se genade sal bring. "So laat dan ook die wat volgens die wil van God ly, hulle siele aan Hom as die getroue Skepper toevertrou met goeie dade." 1 Petrus 4:19.

## Christus die Wetgewer

"Want die HERE is ons Regter, die HERE is ons Aanvoerder, die HERE is ons Koning: Hy sal ons verlos. " – Jesaja 33:22.

King James Version: "For the LORD *is* our judge, the LORD *is* our lawgiver, the LORD *is* our king; he will save us." – Isaiah 33:22.

Ons sal nou oplet na Christus in ‘n ander rol, en tog nie in ‘n ander rol nie. Dit is die een wat natuurlik volg op sy posisie van Skepper, want die een wat skep moet tog ook outoriteit hê om te lei en te beheer. Ons lees in Johannes 5:22, 23 die woorde van Christus, “Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer.” Soos Christus die manifestasie van die Vader is in die skepping, so is Hy ook die manifestasie van die Vader in die wetgewing en uitvoering van die wet. ‘n Paar teksverse word verskaf om dit voldoende te bewys.

In Numeri 21:4-6 word ‘n gebeurtenis omskryf wat plaasgevind het terwyl die kinders van Israel deur die woestyn getrek het. Kom ons lees dit. “Toe trek hulle van die berg Hor af weg op pad na die Skelfsee om die land Edom om te trek; maar die siel van die volk het op die pad ongeduldig geword. En die volk het teen God en teen Moses gespreek: Waarom het U ons uit Egipte laat optrek om in die woestyn te sterwe? Want daar is geen brood en geen water nie, en ons siel walg van die ellendige kos. Toe stuur die HERE giftige slange onder die volk wat die volk gebyt het; en baie mense uit Israel het gesterwe.” Die mense het teen God en teen Moses gespreek en prontuit gevra hoekom hulle uit Egipte gebring is in die woestyn in. Hulle het fout gevind met hulle leier. Dit is hoekom slange hulle gebyt het. Lees nou die woorde van die apostel Paulus oor dieselfde gebeurtenis:

“En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekom.” 1 Korintiërs 10:9. Wat word hier bewys? Dat die leier teen wie hulle hul verset het, eintlik Christus was. Dit word verder bewys deurdat Moses homself aan Israel se kant geskaar het toe hy geweier het om die seun van Farao se dogter genoem te word, en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte. Hebreërs 11:26. Lees ook 1 Korintiërs 10:4, waar Paulus uitwys dat “almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit ‘n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.” Dus was Christus die leier van Israel vandat hulle uit Egipte opgetrek het.

Die derde hoofstuk van Hebreërs maak hierdie feit nog duideliker. Hier word ons vertel van die Apostel en Hoërpriester van ons belydenis, Christus Jesus, wat getrou was aan Hom wat Hom aangestel het, nie as ‘n dienaar nie, maar as ‘n Seun van sy eie huis. Vers 1 – 6. Dan word ons vertel dat ons sy Huis is indien ons met vertroue onwrikbaar vashou tot die einde toe. Daarna word ons vermaan deur die Heilige Gees om sy stem te hoor en nie ons harte te verhard soos die vaders in die woestyn nie (vers 7 – 9). Hebreërs 3:14 – 17: “Want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou; omdat daar gesê word: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie soos in die verbittering nie. Wie was dit dan wat gehoor het en Hom verbitter het? Was dit nie almal wat onder leiding van Moses uit Egipte gegaan het nie? En op wie was Hy veertig jaar lank vertoornd? Was dit nie op die wat gesondig het, wie se lyke in die woestyn geval het nie?” Hier word Christus weereens voorgehou as die Leier en Aanvoerder van Israel gedurende hulle 40-jaar lange trek deur die woestyn.

Dieselfde ding word uitgewys in Josua 5:13 – 15, waar ons vertel word van die man wat Joshua sien staan het met ‘n swaard in sy hand. Op Joshua se vraag, “Behoort U by ons of by ons vyande?” antwoord Hy, “Nee, maar Ek is die leërowerste van die HERE; Ek het nou gekom.” Inderdaad sal niemand hier verskil dat Christus die werklike Leier van Israel was nie, alhoewel Hy onsigbaar was. Moses, die sigbare leier van Israel, “het volgehou soos een wat die Onsienlike sien.” (Hebreërs 11:27). Dit was Christus wat Moses die opdrag gegee het om sy mense te verlos. Lees nou Eksodus 20:1 – 3:

“Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê: Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.” Wie het hierdie woorde gespreek? Die Een wat hulle uit Egpiteland uitgelei het. En wie was die Leier van Israel uit Egpite? Dit was Christus. Wie het dus die wet uitgespreek vanaf die Berg Sinai? Dit was Christus, die afskynsel van sy Vader se heerlikheid en die afdruksel van sy

wese, as manifestasie van God aan die mensdom. Dit was die Skepper van alle dinge en die Een aan wie die oordeel gegee is.

Hierdie punt kan op nog ‘n manier gestaaf word. As die Here kom, sal dit met ‘n luide geroep wees. (1 Tessalonisense 4:16), wat die grafte sal laat oopgaan en die dooies laat opstaan (Johannes 5:28, 29). “Jy moet dan al hierdie woorde vir hulle profeteer en aan hulle sê: Die HERE sal brul uit die hoogte en sy stem verhef uit sy heilige woning! Geweldig sal Hy brul oor sy woonplek; soos druiwetrappers sal Hy ‘n vreugdegeroep aanhef teen al die inwoners van die aarde. Oorlogsrumoer het gekom tot by die einde van die aarde, want die HERE het ‘n twis met die nasies, Hy hou gerig oor alle vlees. Die goddelose—aan die swaard het Hy hulle oorgegee, spreek die HERE.” Jeremia 25: 30, 31. Vergelyk dit met Openbaring 19:11 – 21, wanneer Christus as die Leërowerste van die Hemel, die Woord van God, Koning van die konings, Here van die here, uitgaan om die wynpers te trap van die vurigheid en die toorn van die Almagtige God, tot vernietiging van die bose, vind ons dat dit Christus is wat brul van sy woonplek af teen al die inwoners van die aarde, wanneer Hy sy stryd voer met die nasies. Joël bevestig hierdie punt, wanneer hy sê, “En die HERE brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy sy stem, sodat hemel en aarde bewe.” Joël 3:16.

Vanuit hierdie tekse, waarby nog gevoeg kan word, leer ons omtrent die koms van die Here om sy mense te verlos, dat Hy praat met ‘n stem wat die aarde en die hemel skud, “Die aarde waggel geheel en al soos ‘n dronkaard en swaai heen en weer soos ‘n naghut” (Jasaja 24:20) en wanneer “die hemele met gedruis sal verbygaan” (1 Petrus 3:10). Lees nou Hebreërs 12:25, 26 –

“Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as húlle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde ‘n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek. Toe het sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy

belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe."

Die tyd wanneer die Stem, wat op aarde gespreek het, die aarde geskud het was toe die wet gespreek is vanaf die Berg Sinai (Eksodus 19:18 – 20; Hebreërs 12:18 – 20); 'n gebeurtenis wat in ontsagwekkendheid nooit 'n gelyke geken het nie en nooit sal hê totdat die Here kom met al sy engele van die hemel om sy mense te verlos. Let op: Dieselfde stem wat destyds die aarde geskud het, sal in die toekoms nie slegs die aarde skud nie, maar ook die hemel. Ons het gesien dat dit die stem van Christus is wat sal uitroep met soveel volume dat die hemel en die aarde sal skud wanneer Hy die stryd voer met die nasies. Daarom is dit 'n duidelike bewys dat Christus gehoor is vanaf Sinai, toe die Tien Gebooie verkondig is. Dit is niks meer as 'n natuurlike afleiding van wat ons geleer het omtrent Christus as Skepper en die Maker van die Sabbat.

Inderdaad, die feit dat Christus deel vorm van die Godheid, dat Hy al die eienskappe van die Godheid besit, dat Hy gelyk is aan die Vader in alle opsigte, as Skepper en Wetgewer, maak dat Hy die enigste krag is in die versoening. Dit alleen maak verlossing moontlik. Christus het gesterf "om ons tot God te bring" (1 Petrus 3:18), maar indien enige titteltjie bewys gelewer kon word dat Hy nie gelyk aan God was nie, kon Hy ons nie na God bring nie. Goddelikheid beteken om die eienskappe van die Godheid te besit. As Christus nie Goddelik was nie, dan het ons slegs 'n menslike offerande gehad. Dit maak geen verskil nie, selfs indien dit bestem was dat Christus die hoogste intellegensie in die heelal was, in welke geval hy onderhewig was aan die wet, en trou verskuldig was aan die wet, sonder die mag om engiets meer te doen as sy eie goeie dienste. Dan sou Hy geen geregtigheid kon oordra aan ons nie. Daar is 'n oneindige afstand tussen die hoogste engel ooit geskape, en God; daarom kon die hoogste engel ons nie verhef om ons deelgenote te maak aan die goddelike natuur nie. Engele kan bedien; slegs God kan verlos. Alle dank aan God dat Hy ons gered het "deur die verlossing

wat in Christus Jesus is," in wie al die goddelikheid liggaamlik woon, en wie, daarom, in staat is om dié wat na God kom deur Christus, in totaliteit te red.

Hierdie waarheid help om 'n meer perfekte begrip te verkry van die rede waarom Christus die Woord van God genoem word. Hy is die Een deur Wie die Goddelike wil en Goddelike krag aan die mensdom bekend gemaak word. Hy is, om dit so te noem, die mondstuk van die Godheid, die manifestasie van die Godheid. Hy verklaar God aan ons, en maak Hom bekend aan ons. Dit het die Vader behaag dat die volheid van die Godheid in Hom sal woon; daarom is die Vader nie teruggeskuif na 'n tweede posisie, soos party veronderstel, wanneer Christus verhef word tot Skepper en Wetgewer nie, want die heerlikheid van die Vader skyn deur die Seun. Omdat God slegs geken word deur Christus, is dit duidelik dat die Vader nie geëer kan word, soos dit hoort, deur dié wat Christus nie verhoog nie. Soos Christus self gesê het, "Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie." Johannes 5:23.

Die vraag word gevra: Hoe kan Christus die Middelaar tussen God en die mens wees, asook die Wetgewer? Ons behoort dit nie te verduidelik nie, maar slegs te aanvaar die Skrif dit so stel. Die feit dat dit so is, verleen krag aan die leerstelling van die versoening. Die Christen se borg van volle en vrye vergifnis lê in die feit dat die Wetgewer self, die Een teen wie hy gerebelleer het, en wie Hy besmet het, is die Een wat Homself vir ons gegee het. Hoe is dit moontlik vir enigeen om die eerlikheid van God se doel of Sy perfekte en goeie wil vir die mensdom, te betwyfel, indien Hy Homself vir hul redding gegee het? Laat dit nooit aanvaar word dat die Vader en die Seun geskei is gedurende hierdie transaksie nie. Hulle was een in hierdie, soos in alle ander dinge. Die raad van vrede was tussen hulle beide (Sagaria 6:12, 13), selfs hier op aarde was die eniggebore Seun in die boesem van die Vader.

Wat 'n wonderlike openbaarmaking van liefde! Die Onskuldige het gely vir die skuldige; die Regverdige vir die onregverdige; die Skepper vir die skepsel; die Maker van die wet vir die oortreder van die wet; die Koning vir sy weerspannige onderdane. Omdat God nie sy eie Seun gespaar het nie, maar

hom geoffer het vir ons almal –aangesien Christus Homself gewilliglik vir ons gegee het – hoe sal Hy dan nie saam met Hom ons alles vrylik skenk nie? Ewige liefde kan nie beter verklaar word nie. “Wat is daar meer te doen aan my wingerd wat Ek daar nie aan gedoen het nie?” (Jesaja 5:4).

## Die geregtigheid van God

“Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.” Matteus 6:33.

Die geregtigheid van God, sê Christus, is die een dinge wat ons in hierdie lewe moet soek. Kos en klere is van minder belang in vergelyking daarmee. God sal dit van nature voorsien, sodat angstige sorg en kommer nie daarop verkwis moet word nie. Om die koninkryk van God en Sy geregtigheid te ontvang, moet die enigste lewensdoelwit wees.

In 1 Korintiërs 1:30 word ons vertel dat Christus ons geregtigheid sowel as wysheid is, en omdat die volheid van die Godheid in Hom liggaamlik woon, is dit duidelik dat die geregtigheid wat Hy vir ons gemaak is, die geregtigheid van God is. Laat ons hierdie geregtigheid ondersoek.

In Psalm 119:172 spreek die Here aan, “My tong sal u woord besing, want al u gebooie is geregtigheid.” Die gebooie is geregtigheid, nie net abstrak nie, maar hulle is die geregtigheid van God. Om dit te bewys, lees die volgende: -

“Slaan julle oë op na die hemel en aanskou die aarde daaronder; want die hemel sal soos rook verdwyn en die aarde soos ‘n kleed verslyt en sy bewoners soos muskiete sterwe; maar my heil sal vir ewig bestaan en my geregtigheid nie verbreek word nie. Luister na My, julle wat die geregtigheid ken, volk in wie se hart my wet is! Wees nie bevrees vir die smaad van mense en skrik nie vir hulle skimptaal nie.” Jesaja 51:6, 7.

Wat leer ons hieruit? Dat hulle wat die geregtigheid van God ken, is dié in wie se hart sy wet is, en daarom is die wet van God die geregtigheid van God.

Dit mag ook as volg bewys word: "Alle ongeregtigheid is sonde." 1 Johannes 5:17. "Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid. " 1 Johannes 3:4. Sonde is die oortreding van die wet, en dit is ook ongeregtigheid; daarom is sonde en ongeregtigheid identies. Maar as ongeregtigheid die oortreding van die wet is, dan moet geregtigheid gehoorsaamheid aan die wet wees. Of, om die verhouding in Wiskundige terme te omskryf: -

**Ongeregtigheid = sonde.** 1 Johannes 5:17

**Oortreding van die wet = sonde.** 1 Johannes 3:4

Daarom, volgens die bewering dat twee dinge wat gelyk is aan dieselfde ding, sal gelyk wees aan mekaar. Daarom het ons:

**Ongeregtigheid = oortreding van die wet.**

…wat 'n negatiewe stelling is. Dieselfde konsep as 'n positiewe stelling is:

**Geregtigheid = gehoorsaamheid aan die wet.**

Gehoorsaamheid aan watter wet sal die regtigheid bring? Ongehoorsaamheid aan watter wet sal dan sonde wees? Dit is die wet wat sê, "Jy mag nie begeer nie," want die apostel Paulus vertel ons dat hierdie wet hom van sonde oortuig het. Romeine 7:7. Die wet van die Tien Gebooie is dan die maatstaaf van die geregtigheid van God. Daar is inderdaad geen ander geregtigheid nie.

Omdat die wet die geregtigheid van God is – 'n geskrewe kopie van God se karakter – is dit maklik om te sien dat om God te vrees en om sy gebooie te onderhou vir alle mense geld en daarom is dit ons plig. Prediker 12:13.

Laat niemand dink dat sy plig omskryf of beperk word tot die Tien Gebooie nie. “Die wet is geestelik,” en beskryf baie meer as wat die gewone leser kan begryp. “Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.” 1 Korintiërs 2:14. Slegs dié wat met gebed hieroor mediteer kan inspraak verkry in die oneindige diepte van die wet van God. ‘n Paar tekse is al wat hier gegee word om ons iets te wys oor hierdie diepte.

In die bergpredikasie sê Christus, “Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur.” Matteus 5:21, 22. En ook, “Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na ‘n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.” Matteus 5:27, 28.

Dit beteken nie dat die gebooie “Jy mag nie doodslaan nie” en “Jy mag nie egbreuk pleeg nie” onvolmaak is nie, of dat Christus ‘n groter mate van moraliteit van christene verwag as wat Hy van sy mense wat Jode genoem word, verwag het. Hy verwag dieselfde van alle mense in alle eeue. Die Verlosser het net eenvoudig hierdie gebooie verduidelik en hulle geestelike betekenis uitgelig. Die onuitgesproke aantuiging van die Fariseërs dat Hy die morele wet geïgnoreer en ondermyn het, het Hy hanteer deur aan te dui dat Hy gekom het om die wet te bevestig, en dat dit nie weggedoen kan word nie. Daarna het Hy die ware betekenis van die wet uitgelê op ‘n manier wat hulle oortuig het dat hulle die wet verbreek en geïgnoreer het. Hy het uitgewys dat die mens selfs deur ‘n oogopslag of ‘n gedagte die wet kan verbreek, en dat die wet inderdaad ‘n beoordelaar van die bedoelinge en gedagtes van die hart is.

Hierin het Christus nie ‘n nuwe waarheid geleer nie, maar het slegs die oue aan die lig gebring en duideliker gestel. Die wet het steeds net so baie beteken toe Hy dit uitgespreek het vanaf Sinai, as toe Hy dit uitgelê het op die berg in Judea. Toe Hy die woode “Jy mag nie doodslaan nie” uitgespreek het op ‘n manier wat die berg geskud het, het Hy bedoel, “Jy mag nie woede in jou hart dra nie; jy moet ontslae raak van afguns, twis, en enigiets wat in die kleinste graad soortgelyk is aan moord.” Al hierdie konsepte en baie meer word bedoel met “Jy mag nie doodslaan nie.” Hierdie konsepte word voorgestel in die geïnspireerde woorde van die Ou Testament, want Salomo dui aan dat die wet beide siende en onsiende dinge hanteer. Hy het geskryf:

“Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg.” Prediker 12:13, 14.

Die argument is soos volg: Die oordeel kom oor elke geheim; die wet van God is die standaard – dit bepaal die kwaliteit van elke handeling, of dit goed of kwaad is; daarom verbied die wet van God bose dinge beide in woord en in daad en in gedagtes. Dus is die gevolgetrekking van die saak dat die gebooie van God vir alle mense geld, want dit is die plig van alle mense.

Neem die eerse gebod. “Jy sal geen ander gode voor My aangesig hê nie.” Die apostel vertel ons van somminge vir wie die maag ‘n god is. Filippense 3:19. Maar vraatsug en onmatigheid is selfmoord, daarom vind ons dat die eerste gebod deurloop na die sesde gebod (”Jy mag nie doodslaan nie”). Dit is nie al nie, want daar word verder vertel dat gierigheid ook afgodery is. Kolossense 3:5. Die Tiende gebod kan nie oortree word sonder om die eerste en tweede ook te oortree nie. Met ander woorde, die tiende gebod val saam met die eerste, en ons vind dat die Dekaloog ‘n sirkel is wat so wyd soos die heelal strek, wat die morele plig van elke skepsel omvat. In kort, dit is die maatstaf van die geregtigheid van God, wat in ewigheid leef.

Omdat dit die geval is, is die korrektheid van die stelling "die daders van die wet sal geregverdig word" baie duidelik (Romeine 2:13). Om te regverdig, is om regverdig te maak, of om te wys dat iemand regverdig is. Dit is duidelik dat volmaakte gehoorsaamheid aan 'n volmaakte wet, 'n volmaakte persoon sal uitmaak. Dit is God se plan dat sulke gehoorsaamheid aan die wet uitgeoefen moet word deur al die skepsels, en op hierdie manier word die wet 'n weg tot die lewe. Romeine 7:10.

Maar vir iemand om beoordeel te word as "…'n dader van die wet" beteken dit dat hy in alle opsigte die wet gehoorsaam gedurende sy hele lewe. Indien hy in enige opsig gestruikel het, kan hy nie sê dat hy aan die wet gehoorsaam is nie. Hy kan nie 'n dader van die wet wees as hy net 'n deel daarvan gedoen het nie. Dit is dus 'n hartseer feit dat daar in die hele menslike ras geen daders van die wet is nie, dat beide onder die Jode en die Heidene, almal "onder die sonde is, soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie." (Romeine 3:19 – 21). Die wet spreek tot almal wat onder sy sfeer val, en in die hele wêreld is daar niemand wat sy mond kan open om homself vry te spreek van die eise van die wet nie. Elke mond is gestop en die hele wêreld is voor God doemwaardig (vers 19), "want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God" (vers 23).

Daarom, al word die daders van die wet geregverdig, is dit net so duidelik dat "uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde." Vers 20. Deurdat die wet "heilig, regverdig en goed" is, sal dit niemand regverdig kan verklaar nie. Met ander woorde, 'n regverdige wet kan niemand wat die wet oortree het, onskuldig verklaar nie. 'n Wet wat 'n bose man regverdig verklaar, is 'n bose wet. Die wet behoort nie beswadder te word omdat dit sondaars nie ververdig kan verklaar nie. Inteendeel, dit behoort daarom verhef te word. Die feit dat die wet sondaars nie regverdig verklaar nie – dat dit nie verklaar dat die mens dit gehou het terwyl hulle dit oortree het nie – is opsig self voldoende bewys dat die wet goed is. Die mensdom verhef 'n aardse regter

wat nie omkoopbaar is nie, wat nie ‘n skuldige man onskuldig verklaar nie. Sekerlik behoort hulle die wet van God te verhoog, wat ook nie valse getuienis aflê nie. Die wet is die volmaaktheid van geregtigheid, daarom word dit geforseer om die hartseer feite op die tafel te lê, dat nie een van Adam se geslag aan sy voorwaardes voldoen nie.

Verder, die feit dat dit ons plig is om die wet te gehoorsaam, bewys dat, indien ons kortkom in een opsig van die wet, het ons die hele wet oortree. Die vereistes van elke beginsel van die wet is so wyd – die hele wet is so geestelik – dat ‘n engel slegs eenvoudige gehoorsaamheid kan lewer. Ja, wat meer is, die wet is die geregtigheid van God – ‘n skriftelike weergawe van sy karakter – en aangesien sy karakter nie kan verskil van wat dit is nie, volg dit dat selfs God nie beter kan wees as die mate van goedheid wat die wet vereis nie. Hy kan nie beter weer as wat Hy is en as wat die wet vereis nie. Watter hoop het een wat gefaal het, selfs in een voorskrif, om genoeg goedheid te bring om die tekort aan te vul? Hy wat probeer, stel homself bloot om ‘n onmoontlike taak te probeer vermag – om meer te wees as wat God verwag, ja, selfs beter as God self.

Maar dit is nie net in een opsig wat die mens gefaal het nie. Hulle het in elke opsig gefaal. “Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.” Romeine 3:12. Nie net dit nie, dit is onmoontlik vir die gevalle mens om slegs een enkele daad te doen wat opweeg teen die perfekte standaard. Hierdie stelling het geen verdere bewyse nodig as om weer te stel dat die wet die maatstaf van God se geregtigheid is nie. Sekerlik is daar niemand so voorbarig om voor te gee dat enige daad deur hulself gedoen so goed is soos (of beter is as) ‘n daad gedoen deur die Here Homself nie. Enigiemand moet saamstem met die psalmis, “Vir my is daar geen goed by U nie.” Psalm 16:2. (King James Verions: “My goodness extendeth not to Thee.”)

Hierdie feit is vervat in direkte stellings in die Skrif. Christus het “nie nodig gehad het dat iemand van die mens sou getuig nie; want Hy self het

geweet wat in die mens is" (Johannes 2:25) en Hy het aangedui, "van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein." Markus 7:21-23. Met ander woorde, dit is makliker om verkeerd te doen as om reg te doen, en die dinge wat mens natuurlik doen, is boos. Boosheid is inherent in ons, dit is deel van wie en wat ons is. Daarom sê die apostel, "wat die vlees bedink, (is) vyandskap teen God; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie." Romeine 8:7, 8. Asook, "die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie." Galasiërs 5:17. Omdat boosheid deel is van ons natuur, geërf deur elke individu deur geslagte en geslagte sondige voorvaders, is dit duidelik dat enige geregtigheid wat van binne ons voortkom, "soos 'n besoedelde kleed" (Jesaja 64:6) sal wees, in vergelyking met die vlekkelose kleed van die geregtigheid van God.

Die Verlosser gee 'n baie duidelike illustrasie van die onmoontlikheid om goeie dade vanuit 'n sondige hart voort te bring, "Want elke boom word geken aan sy eie vrugte. Van dorings pluk 'n mens tog nie vye nie, en 'n mens sny ook nie druiwe van 'n doringbos nie. Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart te voorskyn wat goed is; en die slegte mens bring uit die slegte skat van sy hart te voorskyn wat sleg is; want uit die oorvloed van die hart spreek sy mond." Lukas 6:44, 45. Dit beteken, 'n mens kan nie goed doen voordat hy goed geword het nie. Daarom het dade wat deur 'n sondige mens gedoen word, geen effek om hom regverdig te maak nie, maar, omdat dit vanuit 'n sondige hart kom, is dit boos en voeg dit net nog meer by die somtotaal van sy sondigheid. Slegs boosheid kan kom van 'n bose hart, en vermenigvuldigde boosheid kan nie een goeie daad vorendag bring nie. Daarom is dit nutteloos vir 'n bose persoon om te probeer goed word deur sy eie probeerslae. Hy moet eers regverdig gemaak word voordat hy die goeie kan doen wat van hom verwag word, en wat hy graag wil doen.

Die saak staan dus so:

(1) Die wet van God is volmaakte geregtigheid, en perfekte voldoening daaraan word verwag van elkeen wat die koninkryk van God sal ingaan.
(2) Die wet het nie eens een klein deeltjie van geregtigheid wat dit aan enigiemand kan gee nie; want almal is sondaars, en kan nie voldoen aan die eise van die wet nie. Maak nie saak hoe toegewyd of ywerig ‘n mens werk nie, niks wat hy doen sal aan die volle maat van die wet se vereistes voldoen nie. Dit is te hoog vir hom om dit te bereik; hy kan nie geregtigheid deur die wet ontvang nie. “Uit die werke van die wet (sal) geen vlees voor Hom geregverdig word nie” (Romeine 3:20). Wat ‘n betreurenswaardige toestand! *Ons moet die geregtigheid van die wet verkry om die hemel te kan binnegaan, en tog beskik die wet nie oor die nodige geregtigheid vir enigeen van ons nie*. Dit sal, ten spyte van ons aanhoudende en energieke pogings, nie eens die kleinste bietjie kan gee van die heiligheid waarsonder ons nie die Here sal sien nie.

Wie sal dan geregverdig gemaak kan word? Kan daar dan so iets soos ‘n regverdige mens wees? Ja, want die Bybel praat baiemaal van hulle. Dit praat van Lot as “die regverdige man” (2 Petrus 2:8). Die Bybel sê, “Sê van die regverdige dat dit met hom goed sal gaan; want die vrug van hul handelinge sal hulle eet.” Jesaja 3:10, en dui so aan dat daar regverdige mense sal wees wat die vrug sal ontvang. Dit dui duidelik aan dat daar ‘n regverdige nasie sal wees, “In dié dag sal hierdie lied gesing word in die land Juda: ‘n Sterk stad het ons; God stel heil tot mure en skanse. Maak oop die poorte, dat die regverdige nasie kan ingaan wat die trou bewaar!” Jesaja 26:1, 2. Dawid sê, “U wet is waarheid.” Dit is nie net waarheid nie, maar dit is die som van alle waarheid; gevolglik sal die nasie wat die waarheid onderhou, ‘n nasie wees wat die wet van God onderhou. Sulke mense sal die daders van Sy wil wees, en hulle sal ingaan in die koninkryk van die hemele. Matteus 7:21.

# Die Here ons Geregtigheid

Die vraag is, hoe sal die geregtigheid wat nodig is om die hemelse stad in te gaan, verkry word? Om hierdie vraag te beantwoord is die groot werk van die evangelie. Kom ons kyk na ‘n studie oor regverdigmaking of die oordra van geregtigheid. Die feite sal ons help om die teorie beter te verstaan. Die voorbeeld word verskaf in Lukas 18:9 – 14.

“En Hy het ook met die oog op sommige wat op hulleself vertrou dat hulle regverdig is en die ander verag, hierdie gelykenis vertel. Twee manne het na die tempel opgegaan om te bid, die een ‘n Fariseër en die ander ‘n tollenaar. En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie—rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry. En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig! Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een; want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word.”

Hierdie is gegee om te wys hoe ons geregtigheid kan bereik en hoe ons nie geregtigheid kan bereik nie.  Die Fariseërs is nie uitgesterf nie; daar is in hierdie dae baie wat dink dat hulle geregtigheid kan verkry deur hul eie goeie dade. Hulle vertrou op hulself vir hulle eie geregtigheid. Hulle wys nie openlik dat hulle roem in hul eie goedheid nie, maar hulle wys op ander maniere dat hulle op hul eie geregtigheid staatmaak. Die gees van die Fariseërs – die gees wat die mens se eie werke bring aan God om guns te verkry – word dalk net so baie kere verkry tussen beleidende Christene wat voel dat hulle buig en swoeg onder hulle sonde, as onder enige ander groep Christene.  Hulle weet

dat hulle gesondig het, en hulle voel veroordeel. Hulle rou oor hulle sondige toestand en betreur hulle swakheid. Hulle getuienisse bereik egter nooit 'n hoër vlak nie. Baiemaal sal hulle stilbly in 'n sosiale byeenkoms as gevolg van 'n gevoel van skaamheid, en baiemaal sal hulle nie durf waag om toenadering tot God te soek nie. Nadat hulle sonde gedoen het wat groter is as die normale, onthou hulle hulself van gebed vir 'n tyd lank, totdat die verskriklike gevoel van sondebesef verbygegaan het, of totdat hulle meen dat hulle opgemaak het daarvoor deur goeie sosiale gedrag. Wat manifesteer hier? Die gees van die Fariseër wat sy eie geregtigheid vertoon voor die aangesig van God; wat nie voor Hom sal kan verskyn nie, tensy dit kan staatmaak op sy eie valse voorwendsel van sy eie opgemaakte goedheid. Hulle ontwikkel die vermoë om vir die Here te sê: "Kyk hoe goed was ek die afgelope paar dae; sekerlik sal U my nou aanvaar."

Maar wat bring hierdie optrede? Die man wat op sy eie geregtigheid vertrou het, het geen gehad nie, terwyl die man wat gebid het, "O God, wees my, sondaar, genadig!" huis toe gegaan het as 'n regverdige man. Christus sê hy is regverdig terug huis toe, dit is, regverdig gemaak.

Let op dat die tollenaar iets meer gedoen het as om net sy sondigheid te beween; hy het om genade gesmeek. Wat is genade? Dit is onverdiende guns. Dit is die ingesteldheid om iemand beter te behandel as wat hy verdien. Die Woord van Inspirasie sê ook omtrent God, "Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees." Psalm 103:11. Dus, die maatstaf waarmee God ons beter behandel as wat ons verdien indien ons nederig voor Hom kom, is gelyk aan die afstand tussen die aarde en die hoogste hemel. In watter opsig hanteer Hy ons beter as wat ons verdien? Deur ons sonde van ons weg te neem. Die volgende vers dui aan, "So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons." Die geliefde apostel stem hiermee saam, "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig." 1 Johannes 1:9.

‘n Verdere stelling oor die genade van God, en hoe dit manifesteer, is in Miga 7:18, 19, “Wie is ‘n God soos U, wat die ongeregtigheid vergewe en by die oortreding van die oorblyfsel van sy erfdeel verbygaan? Hy hou toorn nie vir ewig vas nie, maar het ‘n welbehae in goedertierenheid. Hy sal Hom weer oor ons ontferm, ons ongeregtighede vertree; ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see werp.” Laat ons nou die skrif ondersoek waar geregtigheid aan ons geskenk word.

Die apostel Paulus verduidelik dat almal gesondig het, dat almal kortkom aan die heerlikheid van God, dat deur die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie. Hy gaan voort deur te sê ons “word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as ‘n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is.” Romeine 3:24 – 26.

“Deur sy genade, sonder verdienste, geregverdig…” Hoe anders kan dit wees? Aangesien die beste pogings van die mens nie enige effek het om geregtigheid te kan bring nie, kan dit slegs na hom kom as ‘n geskenk. Die geregtigheid as ‘n geskenk word duidelik gestel deur Paulus in Romeine 5:17: “Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus.” Omdat geregtigheid ‘n gawe of geskenk is, is die ewige lewe, wat die beloning van geregtigheid is, ook ‘n geskenk van God, deur Jesus Christus onse Here.

Christus is gestuur deur God as die Een deur wie ons vergifnis van sonde ontvang; en daarom is vergifnis doodeenvoudig die verklaring van God se geregtigheid aan ons tot vergifnis of verdraagsaamheid van sonde. Maar God, “wat ryk is in barmhartigheid” (Efesiërs 2:4) en wat vreugde vind daarin, plaas sy eie geregtigheid op die sondaar wat glo in Jesus Christus, as ‘n

plaasvervanger vir ons sonde. Dit is sekerlik ‘n winsgewende transaksie vir die sondaar, en dit is geen verlies vir God nie, want Hy is oneindig is sy heiligheid en die voorraad kan nie verminder word nie.

Die skrif wat ons sopas ondersoek het (Romeine 3:24 – 26), is maar net ‘n herhaling van verse 21 en 22. Dit volg op die stelling dat die werke van die wet geen vlees kan regverdig nie. Die apostel voeg by, “Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig, die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo.” God plaas sy geregtigheid op die gelowige. Hy draai hom daarin toe, sodat sy sonde nie meer sigbaar is nie. Dan kan die een wat vergewe is saam met die profeet uitroep:

“Ek is baie bly in die HERE, my siel juig in my God; want Hy het my beklee met die klere van heil, my in die mantel van geregtigheid gewikkel—soos ‘n bruidegom wat priesterlik die hoofversiersel ombind, en soos ‘n bruid wat haar versier met haar juwele.” Jesaja 61:10.

Wat van die “geregtigheid van God … sonder die wet”? (Romeine 3:21). Hoe word dit versoen met die stelling dat die wet die geregtigheid van God is, en buite hierdie vereistes is daar geen geregtigheid nie? Hierdie is nie ‘n teenstelling nie. Hierdie proses ignoreer nie die wet nie. Let goed op: Wie gee die wet? Christus. Hoe het Hy dit gespreek? “Soos een wat gesag het,” soos God. Die wet het van Hom voortgekom net soos van die Vader, en is eenvoudig maar net ‘n verklaring van die geregtigheid van Sy karakter. Daarom is die geregtigheid wat deur Jesus Christus kom, dieselfde geregtigheid wat verpersoonlik word deur die wet. Dit word verder bewys deurdat “die wet daarvan getuig.” (Romeine 3:21.)

Laat die leser hierdie beeld oproep. Hier staan die wet as ‘n baie vinnige getuie teen die sondaar. Dit sal nie verander nie, en sal die sondaar nie ‘n regverdige noem nie. Die oortuigde sondaar probeer weer en weer om geregtigheid te verkry deur die wet, maar alle progings word vrugteloos

verklaar.  Dit kan nie omgekoop word deur enige maat van boetedoening of goeie werke nie. Maar hier staan Christus, vol genade, en ook vol waarheid, en roep die sondaar na Hom. Einde te laaste, as die sondaar moeg is van die ydele stryd om geregtigheid te verkry deur de wet, luister hy na die stem van Christus en vlug na sy uitgestrekte arms. Terwyl hy skuil in Christus, word hy oordek met sy geregtigheid, en kyk!  Hy verkry, deur geloof in Christus, dit waarvoor hy 'n hopelose stryd gevoer het. Hy verkry die geregtigheid, wat die wet vereis, en dit is die onvervalsde egte artikel, want hy verkry dit direk vanaf die Bron van Geregtigheid, vanaf die plek waar die wet sy oorpsrong vind. En die wet getuig omtrent die egtheid van hierdie geregtigheid. Dit sê dat solank as wat die mens hierdie geregtigheid behou, sal die wet in die hof gaan en hom verdedig teen alle aanklaers.  Dit sal getuig dat die mens geregverdig is. Met die geregtigheid wat "deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof" (Filippense 3:9) was Paulus oortuig dat hy verseker vas sal staan in die dag van Christus.

Daar is in hierdie transaksie geen plek vir foutvindery nie. God is regverdig en ook terselfdertyd die Gewer van geregtigheid aan hom wat glo in Jesus. In Jesus woon al die volheid van die Godheid liggaamlik. Hy is gelyk met die Vader in alle opsigte. Daarom is die verlossing wat in Hom is – die vermoë om die verlore mens terug te koop – dis oneindig. Die mensdom se opstand is teen die Seun net soveel as teen die Vader, want hulle is een. Daarom, toe Christus Homself gegee het vir ons sonde, was dit die Koning wat gely het vir sy rebelsgesinde onderdane – die Een wat in die proses beseer is, wat die oortreding van die oortreder oor die hoof sien en laat verbygaan.  Geen skeptikus sal ontken dat enigiemand die reg en voorreg het om enige oortreding teen homself te vergewe; waarom harekloof as God dieselfde reg uitoefen? Sekerlik wil Hy graag die skade aan Homself aangerig, vergewe. Hy het die reg om dit te doen, want Hy regverdig die integriteit van sy wet deur in sy Eie Persoon die straf van die sondaar te dra. "Die Onskuldige het vir die skuldige gely." Dit is waar, maar die onskuldige Lyer het Homself vrywilliglik gegee, sodat Hy, deur reg te doen aan sy heerskappy,

kan doen wat sy Liefde gevra het, naamlik om die kwaad aan Hom gedoen is, as Heerser oor die heelal oor die hoof te sien.

Lees nou die stelling deur God self gemaak omtrent sy eie Naam – 'n stelling gemaak gedurende een van die ergste gevalle van minagting teen Hom: "En die HERE het neergedaal in die wolk en daar by hom gestaan. En Hy het die Naam van die HERE uitgeroep. En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie."

Dit is God se Naam. Dit is die karakter waarin Hy Homself openbaar aan die mens; die mens behoort Hom in hierdie lig te aanskou. Maar wat van die stelling "maar nooit ongestraf laat bly nie…" Dit is in perfekte harmonie met Sy lankmoedigheid en grootheid van goedertiernheid en Sy trou en sy vergifnis van sonde van Sy mense. Dit is waar dat God nooit die sonde ongestraf laat bly nie. Hy kan dit nie doen en steeds 'n regvergdie God wees nie. Maar Hy doen iets baie beters. Hy verwyder die skuld, sodat die een wat voorheen skuldig was, nie verontskuldig hoef te word nie – hy is geregverdig en word gereken asof hy nooit gesondig het nie.

Laat niemand stry oor die uitdrukking "oordek met geregtigheid" asof dit skynheiligheid is nie. Sommige het al gesê, bloot vanuit 'n eenvoudige tekort aan waardering vir die waarde van die gawe van geregtigheid, dat hulle nie geregtigheid wil verkry wat "oordek" is nie, maar dat hulle die geregtigheid soek wat kom van die lewe, wat dus die geregtigheid van God verminder, geregtigheid wat aan almal en oor almal wat glo gegee word deur geloof in Jesus Christus. Ons stem saam met hulle idee dat dit 'n protes is teen skynheiligheid; 'n vorm van godsdiens wat die krag daarvan verloën het, maar ons wil die leser ook hieraan herinner: Dit maak 'n groot verskil wie die geregtigheid "aantrek." Indien ons dit self probeer aantrek, trek ons niks anders aan as 'n vuil kleed, maak nie saak hoe pragtig dit vir ons lyk nie, maar

as Christus dit vir ons aantrek, moet dit nie verag of verwerp word nie. Let op na die uitdrukking in Jesaja: " Hy het… my in die mantel van geregtigheid gewikkel." (Jesaja 61:10). Die geregtigheid waarmee Christus ons toewikkel, voldoen aan die goedkeuring van God, en as God dit goedkeur, behoort die mens sekerlik nie enigiets beters te soek nie.

Maar ons sal die beeld 'n stappie verder neem om die saak van alle onsekerheid te stroop. Sagaria 3:1 – 5 gee die oplossing. Dit lees as volg:

"Daarna het Hy my Josua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die Engel van die HERE staan, en die Satan aan sy regterhand staan om hom aan te klae. Toe sê die HERE aan die Satan: Mag die HERE jou bestraf, o Satan! Ja, mag die HERE, wat Jerusalem verkies het, jou bestraf! Is hierdie een nie 'n brandhout wat uit die vuur geruk is nie? En Josua was bekleed met vuil klere, terwyl hy voor die Engel staan. Daarop het Hy aangehef en gesê aan die wat voor Hom staan: Neem die vuil klere van hom weg. Toe sê Hy vir hom: Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere. Daarop sê ek: Laat hulle 'n rein tulband op sy hoof sit. En hulle het die rein tulband op sy hoof gesit en hom die klere aangetrek, terwyl die Engel van die HERE daarby staan."

Let op dat, in die bogenoemde beskrywing, die verwydering van die vuil klere op dieselfde voet gereken word as die verwydering van skuld. Dus vind ons dat, indien Christus ons oordek met die kleed van geregtigheid, Hy nie 'n kleed gee sonder om die sonde weg te neem nie. Dit wys daarop dat die vergifnis van sonde meer as net in blote vorm betaan. Dit is iets meer as net 'n inskrywing in die hemelse boeke; dit het die effek dat die sonde gekanselleer is. Die vergifnis van sonde is 'n realiteit; dit is tasbaar; dit affekteer die persoon binne-in sy wese. Dit maak hom vry van skuld, en as hy vry is van skuld, as hy geregverdig verklaar is, het hy 'n radikale verandering ondergaan. Hy is inderdaad 'n ander persoon, want hy het sy geregtigheid verkry deur die verwydering van sonde. "Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel." 2 Korintiërs 5:17. Dus dra hy die vrye en volledige

vergifnis; asook die pragtige en wonderbaarlike verandering van ‘n nuwe geboorte, want jy kan nie ‘n nuwe mens word sonder ‘n nuwe geboorte nie. Dit is dieselfde as om ‘n nuwe en skoon hart te ontvang.

Die nuwe hart is ‘n hart wat die geregtigheid liefhet en sonde haat. Dit is ‘n hart van bereidheid om gelei te word in die paaie van geregtigheid. Dit was so ‘n hart wat God in Israel wou sien toe Hy gesê het, “Ag, as hulle maar so ‘n hart gehad het om My te vrees en al my gebooie altyd te onderhou, dat dit met hulle en hul kinders vir ewig goed kan gaan.” Deuteronomium 5:29. Kortliks, dit is ‘n hart sonder liefde vir sonde, en sonder die skuld van sonde. Maar wat maak dat die mens ‘n opregte soeke na sondervergifnis op tou sit? Dit is maar net hierdie haat van sonde en sy begeerte na geregtigheid, hierdie haat en begeerte wat deur die Heilige Gees opgewek word.

Die Gees worstel met alle mense. Dit kom as ‘n teregwyser. Wanneer ons ag slaan o pdie stem van sy teregwysing, begin dit dadelik die werk van die trooster doen. Dieselfde onderdanige, oorgegewe houding wat ‘n mens sover bring om die teregwysing van die Gees te aanvaar, sal hom ook lei om die lering van die Gees te volg. Paulus sê dat “almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.” Romeine 8:14.

Weereens, wat bring die regverdigmaking of die vergifnis van sonde? Dit is geloof, want Paulus sê, “Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus” Romeine 5:1. Die geregtigheid van God word gegee aan elkeen en op almal geplaas wat glo. Romeine 3:22. Maar dieselfde geloof maak ons tot kinders van God, want die apostel sê, “julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus.” Galasiërs 3:26.

Die feit dat almal wie se sonde vergewe is, dadelik ‘n kind van God word, word gewys in Paulus se brief aan Titus. Hy wys eers die bose toestand waarin ons eers verkeer het, en dan sê hy (Titus 3:4 – 7):

“Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het—nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser; sodat ons, geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe.”

Let op dat dit deur regverdiging deur genade is dat ons erfgename word. Ons het reeds geleer in Romeine 3:24, 25 dat hierdie geregtigheid deur sy genade uit geloof is. Maar Galasiërs 3:26 vertel ons dat ons geloof ons tot kinders van God maak. Daarom weet ons dat elkeen wat geregverdig is deur God se genade – wat vergewe is – ‘n kind van God en ‘n ergenaam van God is.

Dit wys dat daar geen grond is vir enige tipe proeftydperk waardeur die mens moet gaan om ‘n sekere standaard van heiligheid te bereik voordat God Hom sal aanvaar as sy kind nie. Dit is nie as gevolg van ons goedheid dat Hy ons lief het maar as gevolg van ons behoefte. Hy ontvang ons, nie as gevolg van enigiets wat Hy in ons sien nie, maar ter wille van Homself, en omdat Hy weet wat Sy Goddelike krag in ons kan vermag. Dit is net as ons die wonderlike verheffing en heiligheid van God besef, en weet dat Hy na ons kom in ons sondige en vervalle toestand om ons in sy familie op te neem, dat ons die krag van die apostel se uitroep kan waardeer, “Kyk wat ‘n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word!” 1 Johannes 3:1. Elkeen aan wie hierdie eer toegeken word, sal homself reinig soos wat God rein is.

God neem ons nie as sy kinders aan omdat ons goed is nie, maar sodat Hy ons goed kan maak. Paulus sê, “Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered—en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus, sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy

genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus." Efesiërs 2:4 – 7. Dan voeg hy by, "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel." Verse 8 – 10. Hierdie gedeelte wys ons dat God ons liefgehad het terwyl ons nog dood was in die sonde. Hy gee aan ons Sy Gees om ons lewend te maak in Christus, en dieselfde Gees bevestig ons aanneming in die Goddelike familie. Dus neem God ons aan, as nuwe skepsels in Christus, sodat ons die goeie werke kan doen, waartoe God ons bestem het.

## Aanvaarding met God

Baie mense huiwer om die Here te begin dien, want hulle vrees dat God hulle nie sal aanvaar nie. Duisende beleidende christene wat Christus al jare volg, is onseker of hulle aanvaarbaar is voor God. Ek skryf aan hierdie mense, en ek probeer om hulle gedagtes nie verder te verdraai met spekulasies nie, maar poog om hulle die eenvoudige versekering van God se Woord te gee.

"Sal die Here my aanvaar?" Ek antwoord met nog 'n vraag: Sal 'n mens iets aanvaar wat hy gekoop het? As jy iets koop by 'n winkel, sal jy die goedere aanvaar as dit afgelewer word? Natuurlik sal jy, daar is geen kwessie daaromtrent nie. Die feit dat jy die goedere gekoop en self daarvoor betaal het, is genoeg bewys dat jy nie net gewillig is om die goedere te aanvaar nie, maar angstig wag daarop. As jy dit nie wou gehad het nie, sou jy dit nie gekoop het nie. Inteendeel, hoe meer jy betaal het daarvoor, hoe angstiger wag jy daarop. As die prys wat jy daarvoor betaal het, groot is, en jy het amper jou lewe gegee om daarvoor te betaal, dan is daar sekerlik geen kwessie daaroor of jy die goedere sal aanvaar indien dit afgelewer word. Jou grootste angs sal wees omtrent die vraag of dit afgelewer sal word of nie.

Laat ons nou hierdie eenvoudige, dog natuurlike illustrasie toepas op die sondaar wat na Christus kom. In die eerste plek, Hy het ons gekoop. “Of weet julle nie dat julle liggaam ‘n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? Want julle is duur gekoop.” 1 Korintiërs 6:19, 20.

Die prys wat Hy vir ons betaal het, was sy eie bloed – Sy lewe. Paulus sê aan die ouderlinge in Efese: “Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.” Handelinge 20:28. “… Julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van ‘n lam sonder gebrek en vlekkeloos.” 1 Petrus 1:18, 19. Jesus Christus “wat Homself vir ons gegee het” Titus 2:14. Jesus Christus “wat Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose wêreld, volgens die wil van onse God en Vader.” Galasiërs 1:4.

Hy het nie ‘n uitgesoekte klas gekoop nie, maar die hele wêreld se sondaars. “Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het.” Johannes 3:16. Jesus het gesê, “Die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.” “Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe.” “Maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.” Romeine 5:6, 8.

Die prys wat betaal is, was oneindig groot; daarom weet ons dat Hy ‘n groot begeerte gehad het om die kooptransaksie aan te gaan. Hy het sy hart daarop geplaas om dit te verkry. Hy kon nie daarsonder tevrede wees nie. Sien Filippense 2:6 – 8; Hebreërs 12:2; Jesaja 53:11.

“Maar ek is dit nie waardig nie.”  Dit beteken dat jy nie die prys werd is nie, en daarom vrees jy om na Christus te kom omdat daar ‘n kans is dat Hy die goedere sal verwerp.

Jou vrees sou dalk gegrond wees indien die koop nie reeds gedoen en die prys nog nie betaal is  nie. Indien Hy jou sou verwerp op grond dat jy nie waardig is nie, sou Hy nie net vir jou verloor nie, maar ook die bedrag wat betaal is vir jou. Selfs as die goedere wat jy aangekoop het, nie die prys werd is wat jy betaal het daarvoor nie, sal jy sekerlik steeds die goedere nie weggooi nie. Jy sou tog sekerlik ten minste iets vir jou geld wou kry in plaas van glad niks nie.

Let egter op, jy het niks te doen met die vraag oor waarde nie. Toe Christus op aarde bedien het, was sy bediening sodanig dat “Hy nie nodig gehad het dat iemand van die mens sou getuig nie; want Hy self het geweet wat in die mens is.” Johannes 2:25. Hy het die kooptransaksie gedoen met oop oë, en het geweet wat die waarde is wat Hy koop. Hy is glad nie teleurgestel as jy na Hom kom as waardelose mens nie. Jy hoef nie bekommerd te wees oor die vraag omtrent waarde nie. As Hy, heeltemal ingelig omtrent die saak, tevrede was met die kooptransaksie, is jy die laaste een om ‘n klag te lig.

Die pragtigste waarheid van alles:  Hy het jou juis gekoop omdat jy nie waardig is nie. Sy geoefende oog het groot moontlikheid in jou raakgesien; Hy het jou gekoop, nie vir jou waarde voor die transaksie of daarna nie, maar vir dit wat Hy uit jou kan maak.  Hy sê, “Ek, Ek is dit wat jou oortredinge uitdelg om My ontwil, en aan jou sondes dink Ek nie.” Jesaja 43:25.  Ons besit geen geregtigheid nie; daarom het Hy ons gekoop, “sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.” 2 Korintiërs 5:21.  Paulus sê, “Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag.” Kolossense 2:9, 10. Hier volg die hele proses:

“Ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander. Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered—en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus, sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus. Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel. Efesiërs 2:3-10.

Ons is dan “tot lof van die heerlikheid van sy genade.” (Efesiërs 1:6) Dit kan ons glad nie wees indien ons oorspronklik die waarde gehad het wat Hy vir ons betaal het nie. In daardie geval is daar geen lofwaardigheid vir Hom in die hele transaksie nie. Hy sou nie, in die eeue wat kom, die uitnemende rykdom van sy genade oor ons kon toon nie. Maar as Hy ons aanneem, sonder enige waarde, en Hy kan ons vlekkeloos en onberispelik stel voor die troon van God, sal die eer daarvoor -vir ewig aan Hom gegee word. Dan sal daar niemand wees wat enige waarde aan homself kan toeskryf nie. Deur alle ewigheid sal die heiliges saam aan Christus die eer gee deur te sê, “U is waardig … want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak.” “Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof.” Openbaring 5:9, 10, 12.

Sekerlik behoort alle twyfel omtrent aanvaarding by God uit die weg geruim te wees. Maar nog nie heeltemal nie. Die bose hart van ongeloof suggereer twyfel. “Ek glo al hierdie dinge, maar…” Stop net daar. As jy glo, sal jy nie “maar” byvoeg nie. As mense “maar” byvoeg, dui hulle aan, “Ek glo, maar ek glo nie werklik nie.” Maar jy wil steeds weet, “Miskien is jy reg, maar hoor tog wat ek sê. Wat ek wou sê is dat ek die Skrifte wat jy aangehaal het, glo, maar die Bybel sê dat as ons kinders van God is, sal ons die getuienis van

die Gees ontvang, en ons sal die getuienis binne onsself dra, en ek voel nie hierdie getuienis nie. Daarom kan ek nie glo dat ek aan Christus behoort nie. Ek glo sy Woord, maar ek voel nie die getuienis nie." Ek verstaan jou probleem. Kom ons kyk of dit verwyder kan word.

Of jy aan Christus behoort of nie, kan jy self uitklaar. Jy het gesien wat Hy vir jou gegee het. Nou is die vraag: het jy jouself aan Hom gegee? Indien wel, kan jy verseker wees dat Hy jou aanvaar. As jy nie Syne is nie, is dit bloot omdat jy weier om aan Hom te lewer waarvoor Hy betaal het. Dan is jy besig om Hom te bedrieg. "Die hele dag het Ek my hande uitgebrei na 'n ongehoorsame en teësprekende volk." Romeine 10:21. Hy soebat jou om aan Hom te gee wat Hy reeds gekoop het en waarvoor Hy reeds betaal het. Nogtans weier jy, en kla Hom aan dat Hy nie gewillig is om jou te aanvaar nie. Maar as jy jouself aan Hom oorgegee het, vanuit jou hart, om Sy kind te wees, mag jy verseker wees dat jy Sy kind is.

Indien jy glo in Hom, en nogtans twyfel of Hy jou aanvaar, want jy voel nie die getuienis in jou hart nie, dan dring ek daarop aan dat jy nie glo nie. Indien jy wel glo, sal die getuienis in jou hart weerklink. Luister na sy Woord, "Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie." 1 Johannes 5:10. Om te glo in die Seun is om eenvoudig sy Woord te glo, asook die verslag aangaande Hom.

En "wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself." Jy kan nie die getuienis dra tensy jy glo nie; en sodra jy glo, dra jy die getuienis in jouself. Hoe werk dit*? Want jou geloof in God se Woord is die getuienis.* God sê so. "Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie." Hebreërs 11:1.

Indien jy God kon hoor praat met 'n hoorbare stem dat Hy jou as Sy kind aanvaar, sou dit vir jou genoegsame getuienis wees. Wel, as God in sy Woord

spreek, is dit dieselfde as wanneer Hy praat met ‘n hoorbare stem. Jou geloof is die bewys dat jy dit hoor en glo.

Hierdie oorweging is so belangrik dat ons dit verder moet ondersoek. Laat ons meer oplees daaroor. Eerstens lees ons “julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus.” Galasiërs 3:26. Dit is ‘n positiewe bevestiging van wat ek gesê het omtrent ons ongeloof in die getuienis. Ons geloof maak ons tot kinders van God. Maar hoe verkry ons hierdie geloof? “Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.” Romeine 10:17. Maar hoe kan ons geloof in die Woord van God verkry? Glo net dat God nie kan lieg nie. Jy sal nie vir God ‘n leuenaar noem van aangesig tot aangesig nie, maar dit is presies wat jy doen as jy nie sy Woord glo nie. Al wat jy moet doen, is om te glo. “Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding. Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.” Romeine 10:8 – 11.

Al hierdie dinge is in harmonie met Paulus se verslag. “Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.” Romeine 8:16, 17. Die Gees, wat saam met ons gees getuig, is die Trooster wat Jesus beloof het. Johnnes 14:16. En ons weet dat sy getuienis waar is, want dit is die “gees van die waarheid.” Hoe dra dit sy getuienis? Deur die Woord aan ons in herinnering te bring, soos dit opgeteken is. Die Gees het die woorde eens geïnspireer (1 Korintiërs 2:13; 2 Petrus 1:21), en daarom, as dit ons herinner aan die woorde, is dit dieselfde as om die woorde direk aan ons te spreek. Dit bring in ons gedagtes die verslag, of die deel wat ons aangehaal het. Ons weet dat die verslag waar is, want God kan nie lieg nie. Ons gebied Satan om te vlug met sy valse getuienis omtrent God, en ons glo daardie verslag, maar as ons die verslag glo, dan weet ons dat ons

kinders van God is, en ons roep "Abba Vader!" En dan breek die heerlike waarhede vollediger oop in ons siele. Die herhaling van die woorde maak dit vir ons 'n groter werklikheid. Hy is ons Vader; ons is sy kinders. Watter vreugde bring dit aan ons! Daarom sien ons dat die getuienis, wat ons in onsself dra, nie 'n eenvoudige indruk of emosie is nie. God vra nie van ons om die onbetroubare getuienis van ons emosies te glo nie. Hy wat op sy eie hart vertrou, is 'n dwaas, sê die Skrif. Maar die getuienis waarop ons moet vertrou, is die onveranderlike Woord van God, en hierdie getuienis mag ons verkry deur sy Gees, in ons eie harte. Alle dank aan God vir sy onuitspreeklike gawe!

Hierdie versekering gee ons glad nie die volmag om te ontspan in ons toewyding en om rustig te gaan sit, asof ons reeds volmaaktheid bereik het nie. Ons moet onthou dat Christus ons aanvaar ter wille van Homself, nie ter wille van onsself nie; nie omdat ons volmaak is nie, maar sodat ons in Hom kan groei na volmaaktheid. Hy seën ons, nie omdat ons so goed is nie, dat ons 'n seën verdien nie, maar sodat ons deur die krag van die seën kan wegdraai van sonde af. Handelinge 3:26. Aan almal wat glo in Christus, word die mag gegee – die reg en voorreg – om kinders van God te word. Johannes 1:12. Dit is deur "die grootste en kosbare beloftes" van God deur Christus wat ons "deelgenote kan word aan die goddelike natuur." 1 Peterus 1:4.

Laat ons kortliks die praktiese toepassings van somminge van hierdie skrifte ondersoek.

## Die oorwinning van Geloof

Die Bybel sê, "Die regverdige sal uit die geloof lewe." Die geregtigheid van God is "geopenbaar uit geloof tot geloof." Romeine 1:17. Niks kan die werking van geloof beter illustreer as sommige van die voorbeelde wat tot ons lering tevore geskrywe is nie, "sodat ons deur lydsaamheid en

bemoediging van die Skrifte hoop kan hê.” Romeine 15:4. Ons sal eers ‘n noemenswaardige gebeurtenis, opgeteken in 2 Kronieke 20, ondersoek. Laat die leser hierdie lopende kommentaar volg met sy Bybel.

“En daarna het die kinders van Moab en die kinders van Ammon, en saam met hulle ‘n deel van die Meüniete teen Jósafat gekom om te veg. Toe hulle kom en aan Jósafat berig bring en sê: Daar kom ‘n groot menigte teen u van anderkant die see, van Edom af, en kyk, hulle is al in Háseson-Tamar—dit is Éngedi.” Verse 1 en 2.

Die groot leër het vrees ingepalm by die koning en die mense, maar hulle het die wyse raad gevolg en “byeengekom om van die HERE hulp te soek; selfs uit al die stede van Juda het hulle gekom om die HERE te soek.” Verse 3 en 4. Daarna volg die gebed van Josafat, as leier van die byeenkoms. Dit vereis spesiale studie, omdat dit ‘n gebed van geloof is wat op sigself die oorwinning bevat.

“Toe gaan Jósafat in die vergadering van Juda en Jerusalem staan, in die huis van die HERE, voor die nuwe voorhof; en hy sê: HERE, God van ons vaders, is U nie God in die hemel nie, en is U nie Heerser oor al die koninkryke van die nasies nie? Ja, in u hand is krag en sterkte, sodat niemand teen U kan standhou nie.” Verse 5 en 6.

Dit was ‘n uitstekende aanvang van die gebed. Dit begin met spesiale erkenning van God in die hemel. Ons modelgebed begin ook met “Onse Vader wat die die hemel is.” Wat dui dit aan? Dat God, as God in die hemel, ons Skepper is. Dit dra op sigself die erkenning van Sy krag bo alle koninkryke van die wêreld, en die magte van die duisternis; die feit dat Hy in die hemel is, die Skepper, wys op die krag en mag in sy hande, sodat niemand teen Hom kan staande bly nie. Wel, die man wat sy gebed in die uur van nood begin met so ‘n erkenning van God se krag het reeds die oorwinning aan sy kant. Let op, Josafat het nie net sy geloof in die mag van God bely nie, hy eis dit ook op as sy eie met die woorde, “Is U nie ons God nie?” (vers 6 in die

Afrikaanse Vertalings; King James Version van 2 Kronieke 20:7). Hy vervul aan die verwagting, “hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en ‘n beloner is van die wat Hom soek.” Hebreërs 11:6.

Josafat gaan voort deur ‘n verhaling van hulle vestiging in die land, en hoe die nasies van Moab en Ammon hulle uit hul Godgegewe land wil kom verjaag, ten spyte daarvan dat God hulle rondom hierdie lande laat trek het gedurende hulle uittog uit Egipte. Verse 7 – 11. Dan sluit hy af met, “Onse God, sal U nie teen hulle strafgerig oefen nie? Want in ons is geen krag teenoor hierdie groot menigte wat teen ons gekom het nie; en ons weet nie wat ons moet doen nie, maar ons oë is op U.” Vers 12. Dit is niks vir die Here om te help nie, of daar baie is en of daar geen krag is nie (2 Kronieke 14:11). En aangesien sy oë die hele aarde deurloop om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is (2 Kronieke 16:9) kom die hulp na hom wat sy nood besef en totaal op Hom vertrou. Hierdie ingesteldheid van Josafat en sy mense is in ooreenstemming met die apostel se opdrag “die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof” Hebreërs 12:2. Hy is die begin en die einde, en alle mag in die hemel en op aarde is in sy hande.

Wat was die uitkoms? Die profeet het opgetree in die krag van die Heilige Gees, “en hy het gesê: Luister, almal wat uit Juda is en inwoners van Jerusalem en u, koning Jósafat! So sê die HERE aan julle: Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God.” Vers 15. Daarna kom die opdrag om die volgende oggend die vyand tegemoet te gaan, en hulle sou die redding van die Here aanskou, want die Here sou met hulle wees. Dan kom die mees belangrike gedeelte: -

“Daarop maak hulle die môre vroeg klaar en trek na die woestyn van Tekóa uit; en terwyl hulle uittrek, het Jósafat gaan staan en gesê: Luister na my, Juda en inwoners van Jerusalem! Glo in die HERE julle God, dan sal julle bevestig word; glo aan sy profete, dan sal julle voorspoedig wees. En hy het

met die volk beraadslaag en tot eer van die HERE sangers opgestel wat, in heilige sieraad, moes lofsing en by die uittrek op die voorpunt van die gewapendes moes sê: Loof die HERE, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid!” Verse 20 en 21.

Sekerlik was dit ‘n eienaardige manier om op te trek vir ‘n veldslag. Min weermagte het al opgetrek met so ‘n voorhoede. Maar wat was die gevolg?

“En op die oomblik toe hulle die gejubel en die lofsang aanhef, het die HERE ‘n hinderlaag opgestel teen die kinders van Ammon, Moab en die mense van die gebergte Seïr wat teen Juda gekom het, sodat hulle verslaan is. Die kinders van Ammon en Moab het naamlik opgetree teen die inwoners van die gebergte Seïr om uit te roei en te verdelg; en toe hulle met die inwoners van Seïr klaar was, het hulle mekaar in die verderf gehelp. En toe Juda op die wagkop by die woestyn kom en hulle na die menigte kyk, lê hulle daar dood op die grond; en niemand het vrygeraak nie.” Verse 22 – 24.

As daar min weermagte was wat opgetrek het in die geveg met so ‘n voorhoede, dan is daar net so min weermagte wat so ‘n beloning van ‘n seker oorwinning gesmaak het. Enigeen sal baat vind daarby om ‘n studie te maak van hierdie filosofie van oorwinning deur geloof, soos geïllustreer in hierdie geval. Toe die vyand, wat vertroue geplaas het in hulle groot getalle, die Israeliete hoor aankom met sang en geskreeu, tot watter slotsom moes hulle kom? Niks anders behalwe dat die Israeliete ekstra versterkings bekom het en dat hulle so versterk is dat dit absoluut nutteloos sou wees om hulle teen te staan. Hulle het paniekbevange geword, en elkeen het sy naaste as sy vyand beskou.

Was hulle nie reg met hulle gevolgtrekking dat Israel versterking ontvang het nie? Natuurlik was hulle, want die verslag lui, “Op die oomblik toe hulle die gejubel en die lofsang aanhef, het die HERE ‘n hinderlaag opgestel teen die kinders van Ammon, Moab en die mense van die gebergte Seïr.” Die leër van die hemel, op wie Josafat en sy mense vertrou het, het vir hulle geveg.

Hulle het wel versterkings ontvang, en, sonder twyfel, indien hulle oë geopen is, sou hulle gesien het, soos die dienaar van Elisa, dat hulle versterkings wat by hulle was, baie meer was as die vyand.

Maar die punt wat spesifiek van belang is, was dat die Here 'n hinderlaag opgestel het teen die vyand op die oomblik toe hulle gejubel en lofsang opgehef het. Wat beteken dit? Dit beteken hulle geloof was werklik. Die belofte van God was gereken op dieselfde vlak as die werklike uitvoering daarvan. Dus het hulle geglo in die Here, of meer letterlik, hulle het gebou op die Here, en was dus gevestig, of opgebou. Dus het hulle die waarheid van die woorde bewys, "Dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof." 1 Johannes 5:4.

Laat ons nou hierdie illustrasie toepas op 'n worstelstryd teen sonde. Hier kom 'n sterk versoeking om iets te doen wat verkeerd is. Ons het al baie maal die stryd verloor, want dit het ons oorwin, sodat ons weet dat ons geen krag het daarteen nie. Maar nou is ons oë op die Here gevestig, wat ons uitnooi om met vrymoedigheid na die troon van genade te gaan, sodat ons genade kan vind en op die regte tyd gehelp kan word. Dan begin ons bid tot God vir hulp. En ons bid tot die God wat in die Bybel aan ons openbaar word as die Skepper van die hemel en die aarde. Ons begin dus nie met 'n berouvolle stelling oor ons swakheid nie, maar met 'n blye erkenning van God se almag. Nadat dit gestel is, kan ons onderneem om ons moeilikhede en ons swakheid te stel. Indien ons eers ons swakheid en ons mismoedige omstandighede stel, stel ons onsself bokant God. In daardie geval sal Satan die moeilkheid vergroot en duisternis om ons gooi sodat ons niks anders kan sien as ons swakheid nie. Dan sal al ons vurige uitroepe en foltering verniet wees, want dit voldoen nie aan die mees belangrike element nie, en dit is die erkenning van God se krag. Daarna kan ons veilig voel om ons swakheid te stel, want dan stel ons net eenvoudig ons swakheid langs Sy almag, en die kontras sal ons grootliks aanmoedig.

Dan, as ons bid, kom die belofte van God in ons gedagte op, deur die Heilige Gees geïnspireer. Dit mag wees dat ons aan geen spesifieke belofte kan dink wat by hierdie saak sal pas nie, maar ons kan hierdie belofte onthou, "Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red" (1 Timoteus 1:15) en dat Hy "Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose wêreld, volgens die wil van onse God en Vader." (Galariërs 1:4). Ons kan weet dat dit elke belofte omvou, want "Hy, wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?" Romeine 8:32.

Dan kan ons onthou dat God spreek van dinge wat nie bestaan nie, asof dit reeds bestaan. Dit beteken, as God iets belowe, is dit so goed as reeds vervul. Dus, met die wete dat ons redding van sonde volgens die wil van God is, (Galasiërs 1:4), kan ons die oorwinning alreeds ons s'n reken en God begin dank vir "die grootste en kosbare beloftes geskenk." (2 Petrus 1:4) Soos ons geloof hierdie beloftes vasgryp en 'n realiteit maak, kan ons nie anders as om God te loof vir sy wonderlike liefde. Terwyl ons dit doen, word ons gedagtes heeltemal weggeneem van die bose en die oorwinning is ons s'n. Die Here Jesus stel 'n hinderlaag op teen die vyand. Ons lofgesange wys aan Satan dat ons versterkings ontvang het, en omdat hy reeds die krag van ons hulp getoets het, weet hy dat hy niks daarteen kan vermag nie, en hy los ons uit. Dit illustreer die krag van die apostel se opdrag, "Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God." Filippense 4:6.

## Slawe en Bevryde Mense

Die krag van geloof om oorwinning te bring mag aangedui word deur 'n ander stel skrifte, wat baie prakties toegepas kan word. Laat dit in die eerste

plek gestel word dat die sondaar ‘n slaaf is. Christus het gesê, “Elkeen wat die sonde doen, (is) ‘n dienskneg van die sonde.” Johannes 8:34. Paulus sê ook, as hy homself in die plek van ‘n nie-hernude mens stel, “Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde.” Romeine 7:14. ‘n Mens wat verkoop is, is ‘n slaaf; daarom is die mens wat onder die sonde is ‘n slaaf van die sonde. Petrus bring dieselfde idee na vore, as hy praat van korrupte, valse leraars, “Hulle belowe vryheid aan hulle, terwyl hulle self slawe van die verdorwenheid is; want waar ‘n mens deur oorwin is, daarvan het hy ook ‘n slaaf geword.” 2 Petrus 2:19.

Die mees prominente eienskap van ‘n slaaf is dat hy nie kan doen soos wat hy wil nie, maar is gebind om die wil van iemand anders uit te voer, maak nie saak hoe vermoeiend of ergerlik dit is nie. Paulus bewys dus die waarheid van die stelling dat hy, as vleeslike mens, die slaaf van sonde is. “Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek.” “Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon. Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie. Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.” Romeine 7:15, 17 – 19.

Die feit dat sonde beheer neem, bewys dat ‘n mens ‘n slaaf is, en alhoewel almal wat sonde doen ‘n slaaf is van die sonde, word die slawerny onuithoudbaar as mens ‘n kykie gekry het na vryheid, maar nie die bande van die sonde kan verbreek nie. Die onmoontlikheid van die nie-hernude mens om die goeie te doen wat hy graag wil doen, is gewys in Romeine 8:7, 8 en Galasiërs 5:17.

Hoeveel mense het al, deur eie ondervinding, hierdie waarhede ten toon gestel. Hoeveel het al hulself voorgeneem, en weer voorgeneem, maar selfs die mees opregte voornemens word in versoekings so swak soos ‘n lammetjie. Hulle het geen krag nie, en hulle weet nie wat om te doen nie, en ongelukkig is hulle oë meer op hulle eie krag en op die versoekings, as op

God. Hulle ondervinding is wel een van voortdurende stryd teen sonde, maar ook aanhoudende nederlaag.

Kan jy hierdie ‘n ware Christen noem? Daar is sommige wat so dink. Hoekom roep die apostel uit in sielewroeging, “Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?” Romeine 7:24. Is die ware Christen-ondervinding dan ‘n liggaam van dood wat so verskriklik is dat die siel moet uitroep om verlossing? Nee, voorwaar nie.

Wie is dit wat, in antwoord op hierdie ernstige navraag, homself openbaar as die verlosser? Die apostel verklaar, “Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!” Op ‘n ander plek sê hy:

“Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is die duiwel—en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was.” Hebreërs 2:14, 15.

Weereens maak Christus sy eie missie bekend:

“Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om ‘n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes ‘n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis.” Jesaja 61:1.

Wat hierdie slawerny en gevangeneskap is, is reeds aangedui. Dit is die slawerny van sonde – die slawerny wat bind aan sonde, selfs teen die wil, deur die krag van oorgeërfde en aangeleerde bose neigings en gewoontes. Red Christus ons van ‘n ware Christelike ondervinding? Tog sekerlik nie. Dan is die slawerny aan sonde waarvan Romeine 7 praat, tog nie die ondervinding van ‘n kind van God nie, maar van die slaaf van sonde. Dit is om ons los te maak van hierdie gevangeneskap wat Christus gekom het, nie om ons te red in hierdie lewe van stryd en worstelinge nie, maar van nederlaag; om ons

sterk te maak in die Here en in die krag van Sy groot mag, sodat ons dank kan bring aan die Vader "wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde" deur wie se bloed ons verlossing verkry. (Kolossense 1:13)

Hoe word hierdie verlossing bewerkstellig? Deur die Seun van God. Christus sê, "As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak." "As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees." Johannes 8:31, 32, 36. Hierdie vryheid kom na almal wat glo, want aan die wat glo gee Hy "die mag om kinders van God te word." (Johannes 1:12) Die vryheid van veroordeling kom na hulle wat in Jesus Christus is (Romeine 8:1) en ons beklee ons met Christus (Galasiërs 3:26, 27). Dit is deur geloof dat Christus in ons harte woon.

## Praktiese Illustrasies van Verlossing van Slawerny

Laat ons nou 'n paar illustrasies van die krag van geloof om van slawerny te verlos, ondersoek. Ons haal Lukas 13:10 – 17 aan:

"En Hy was besig om op die sabbat in een van die sinagoges te leer. En daar was 'n vrou wat 'n gees van krankheid agttien jaar lank gehad het, en sy was inmekaargetrek en glad nie in staat om regop te kom nie. En toe Jesus haar sien, roep Hy haar en sê: Vrou, jy is van jou krankheid verlos. En Hy het haar die hande opgelê, en onmiddellik het sy regop gestaan en God verheerlik. Maar die owerste van die sinagoge, wat verontwaardig was dat Jesus op die sabbat genees het, antwoord en sê vir die skare: Daar is ses dae waarop 'n mens behoort te werk; kom dan op dié dae en laat julle genees en nie op die sabbatdag nie. Toe antwoord die Here hom en sê: Jou geveinsde, maak elkeen van julle nie op die sabbat sy os of esel van die krip los en lei

hom weg om hom te laat drink nie? Maar hierdie vrou wat ‘n dogter van Abraham is, wat die Satan—dink daaraan! —agttien jaar lank gebind het, moes sy nie van hierdie band op die sabbatdag verlos word nie? En toe Hy dit sê, het al sy teëstanders beskaamd geword; en die hele skare was bly oor al die heerlike dinge wat deur Hom gebeur het.”

Ons vermy die brommery van die skynheilige owerste van die sinagoge om die wonderwerk te bespreek. Die vrou was gebind; ons, deur ons vrees vir dood, is lewenslank gebind aan slawerny. Satan het die vrou gebind; Satan plaas ook strikke vir ons en bring ons in gevangeneskap. Sy kon haarself glad nie oplig nie; ons ongeregtighede hou ons vas sodat ons nie kan opkyk nie. Psalm 40:13 (AOV). Met ‘n woord en ‘n aanraking maak Jesus haar los van haar swakhede; ons het nou dieselfde Hoërpriester in die hemel, wat medelye het met ons swakhede, en dieselfde woord sal ons red van die bose.

Hoekom is die wonderwerk van die genesing, hier deur Jesus gedoen, opgeteken? Johannes verduidelik hoekom. Dit was nie net om te wys dat Hy kan genees nie, maar ook om sy krag oor die sonde te bewys. Sien Matteus 9:2 – 8. Maar Johannes sê:

“Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie; maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.” Johannes 20:30, 31.

Dus sien ons dat dit eenvoudig opgeteken is vir ons as lesse van die liefde van Christus, en sy gewilligheid om verligting te bring, and sy krag oor die werking van Satan, beide vir die liggaam en die siel. Die bespreking van nog een wonderwerk sal hier voldoende wees. Dit is die een opgeteken in die derde hoofstuk van Handelinge. Ek sal nie die hele aanhaling herhaal nie, maar vra die leser om dit noukeuring in die Bybel te volg.

Petrus en Johannes het ‘n man van net oor die 40 jaar by die tempelingang gesien, wat al van sy geboorte af verlam was. Hy het nog nooit

geloop nie. Hy het gebedel, en Petrus het, deur die ingewing van die Heilige Gees, hom iets beters as silwer en goud aangebied. Hy het gesê, “Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop! Toe gryp hy hom aan sy regterhand en rig hom op, en onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword. En hy het opgespring en gestaan en rondgeloop en saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy rondloop en spring en God prys.” Verse 6 – 8.

Hierdie wonderwerk op ‘n man van wie almal bewus was, het groot opwinding onder die mense meegebring. Toe Petrus hulle verbasing sien, het hy die verhaal vertel hoe dit gebeur het:

“Israeliete, waarom is julle hieroor verwonderd, of waarom kyk julle ons so aan asof ons deur ons eie krag of godsvrug bewerk het dat hy loop? Die God van Abraham en Isak en Jakob, die God van ons vaders, het sy Kind Jesus verheerlik, Hom wat julle oorgelewer en voor Pilatus verloën het toe hy besluit het om Hom los te laat. En julle het die Heilige en Regverdige verloën en gevra dat ‘n moordenaar aan julle geskenk sou word, en die Leidsman tot die lewe het julle gedood. God het Hom uit die dode opgewek, waarvan ons getuies is. En deur die geloof in sy Naam het sy Naam hierdie man, wat julle sien en ken, sterk gemaak, en die geloof wat deur Hom is, het hom hierdie volkome gesondheid gegee in die teenwoordigheid van julle almal.” Verse 12 – 16.

Maak nou die toepassing. Die man was verlam van sy geboorte af, en kon homself glad nie help nie. Hy sou graag wou loop, maar kon nie. Ons is ook in dieselfde bootjie, soos Dawid sê, “Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang.” Psalm 51:7 (AOV). Die gevolg is dat ons van nature so swak is dat ons nie die dinge kan doen wat ons behoort te doen nie. Soos wat elke jaar verbygaan en die liggaam swaarder word, terwyl die ledemate nie sterker word nie, so word die herhaling van sonde in ons lewens, soos ons ouer word, sterker in sy houvas oor ons. Dit was totaal

onmoontlik vir hierdie man om te loop. Nogtans het die Naam van Christus, deur geloof daarin, hom die volmaakte gesondheid en vryheid van krankheid gegee. Net so kan ons, deur geloof, wat kom deur Hom, totale genesing vind, om dit te doen wat tot hier toe onmoontlik was. Want die dinge wat onmoontlik is by die mens is moontlik vir God. Hy is die Skepper. "Hy vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie." (Jesaja 40:29). Een van die wonders van geloof, soos aangedui in die gevalle van die antieke waardiges, is dat hulle "krag uit swakheid ontvang het." (Hebreërs 11:34).

Deur hierdie gevalle het ons gesien hoe God verlossing bied van slawerny aan dié wat op Hom vertrou. Laat ons nou oorweging skenk aan die kennis wat ons wys hoe om vryheid te behou.

Ons het gesien dat ons van nature almal slawe is van sonde en van Satan, en dat ons bevry word van Satan se magte sodra ons onsself oorgee aan Christus. Paulus sê, "Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid? " Romeine 6:16. Dus, sodra ons bevry word van die slawerny van sonde, word ons die diensknegte van Christus. Inderdaad, die daad wat ons verlos van die slawerny van sonde, in antwoord op ons geloof, bewys God se aanneming van ons as diensknegte van God. Ons word inderdaad die slawe van Christus; maar hy wat die Here se dienskneg is, is 'n vry mens, want ons is tot vryheid geroep (Galasiërs 5:13), en "waar die Gees van die Here is, daar is vryheid." (2 Korintiërs 3:17).

Nou kom die konflik weer. Satan is nie geneë om sy slawe so maklik op te gee nie. Hy bewapen homself met groot versoekings om ons met geweld weer tot sy slawe te bring. Ons weet deur sware ondervinding dat hy sterker is as ons, en dat ons, sonder hulp, hom nie kan weerstaan nie. Maar ons vrees sy krag en roep uit om hulp. Dan onthou ons dat ons nie meer die slawe van Satan is nie. Ons het onsself oorgegee aan God, en daarom het Hy ons aanvaar as Sy diensknegte. Dus kan ons sê saam met die psalmis, "Ag, HERE,

sekerlik, ek is u kneg, ek is u kneg, die seun van u diensmaagd; U het my bande losgemaak. " Psalm 116:16. Maar die feit dat God die slawebande losgemaak het wat Satan om ons gegooi het - en Hy het dit gedoen as ons glo Hy het – is die bewys dat God ons sal beskerm, want Hy gee om vir sy eiendom, en ons het die versekering dat Hy wat 'n goeie werk in ons begin het, "sal dit voleindig op die dag van Jesus Christus." Filippense 1:6. En hierdie hoopvolle vrymoedigheid maak ons sterk om te kan weerstand bied.

Weereens, as ons onsself oorgegee het aan God om sy diensknegte te wees, is ons sy diensknegte, of, met ander woorde, ons word instrumente van geregtigheid in Sy hande. Lees Romeine 6:13 – 16. Ons is nie trae, lewelose, sinnelose instrumente, soos wat die boer gebruik nie, wat geen opsie het hoe dit gebruik word nie, maar ons is lewende, intelligente instrumente, wat toegelaat word om ons gebruik te kan kies. Nogtans gee die woord "instrument" die idee van 'n werktuig deur – iets wat deur die vakman gebruik word. Die verskil tussen ons en die werktuig van 'n vakman is dat ons 'n keuse het deur wie ons gebruik sal word, en watter tipe diens ons sal lewer. Maar sodra ons die keuse gemaak het en onsself in die hande van die vakman plaas, behoort ons so geheel en al oorgegee te wees soos die werktuig wat sonder keuse gebruik word na willekeur. As ons onsself oorgee aan God, moet ons soos klei in die hande van die pottebakker wees, sodat Hy met ons kan werk na willekeur. Met ons wilskrag kan ons die keuse maak of ons Hom sal toelaat om die goeie in ons te bewerk of nie.

Die gedagte om instrumente in die hande van God te wees is 'n wonderlike hulp tot oorwinning in geloof, indien dit gesnap word. Let op, wat 'n instrument sal vermag, is totaal en al in die hande van die persoon in wie se hande dit is. Hier is byvoorbeeld 'n muntstempel. Dit is 'n onskuldige instrument waarmee munte beslaan word. Maar dit kan vir bose doeleindes aangewend word, sowel as vir goeie doeleindes. As dit in die hande van 'n bose karakter val, kan dit gebruik word om vals munte te maak. Dit sal dus nie vir enige goeie doel gebruik word nie. Maar in die hande van 'n opregte, deugsame man, kan dit geen skade aanrig nie. Eweneens, toe ons die

diensknegte van Satan was, het ons geen goed uitgerig nie. (Romeine 6:20), maar noudat ons onsself oorgegee het in die hande van God, weet ons dat daar geen ongeregtigheid is in Hom nie, en as ‘n instrument in sy Hande kan ons nie gebruik word vir bose doeleindes nie. Die oorgee aan God moet volledig wees, soos voorheen aan Satan was, want die apostel sê:

“Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees; want net soos julle jul lede diensbaar gestel het aan die onreinheid en wetteloosheid om wetteloos te wees, so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking.” Romeine 6:19.

Die geheim van oorwinning lê in die totale oorgawe aan God, met ‘n opregte begeerte om Sy wil te doen; volgende, in die wete dat, in ons oorgawe, neem Hy ons aan as Sy diensknegte; en dan, om die oorgawe aan God te handhaaf en om onsself in Sy hande te los. Baiemaal kan oorwinning net behaal word deur die woorde oor en oor te herhaal, “Ag, HERE, sekerlik, ek is u kneg, ek is u kneg, die seun van u diensmaagd; U het my bande losgemaak.” (Psalm 116:16). Dit is ‘n manier om uitdruklik te sê, “O Heer, ek het myself oorgegee aan U as ‘n instrument van geregtigheid; laat U wil geskied, en nie die voorskrifte van die vlees nie.” Maar as ons die krag van hierdie teksvers besef, en inderdaad soos diensknegte van God voel, sal die gedagte onmiddellik by ons opkom, “Wel, ek is inderdaad ‘n instrument in die hande van God, Hy kan my nie gebruik om bose werke te doen nie, en Hy kan ook nie toelaat dat ek bose werke doen solank as wat ek in Sy hande is nie. Hy moet my bewaar indien ek bewaar moet bly van die bose, want ek kan myself nie bewaar van die bose nie. Maar Hy wil my van die bose bewaar, want Hy het sy begeerte daartoe bewys, asook sy krag om sy begeerte te vervul, deurdat Hy Homself vir my gegee het. Daarom sal ek bewaar word van hierdie euwel.” Al hierdie gedagtes kan binne oomblikke deur die gedagtes gaan, en daarmee saam moet noodwendig ‘n gevoel van vreugde opwel dat ons bewaar sal bly teen die vreeslike kwaad. Daardie vreugde vind natuurlike uiting in dankbetuiging teenoor God, en terwyl ons God dank, blaas die vyand die aftog met sy versoeking, en die vrede van God vul die

hart. Dan sal ons vind dat die vreugde in geloof oorweldigend meer is as die vreugde van toegewings aan versoeking.

Dit is alles ‘n demonstrasie van Paulus se woorde, “Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.” Romeine 3:31. Om die wet tot niet te maak, is nie om daarmee weg te doen nie, want geen mens kan wegdoen met die wet van God nie. Nogtans sê die psalmis dat die wet van God weggedoen is, of ongeldig verklaar is, en dus verbreek is. Psalm 119:126 (Sien ook King James Version: Psalm 119:126.) Om die wet van God ongeldig te verklaar, is iets meer as om te eis dat dit geen gevolge het nie; dit is om deur jou lewe te wys jou siening is dat dit geen gevolge het nie. Die mens maak die wet van God ongeldig wanneer hy toelaat dat dit geen krag uitoefen in sy lewe nie. Kortliks, dit is om die wet van God te oortree, maar die wet van God bly behoue, of dit gehou word of nie. Deur dit ongeldig te verklaar, word slegs die individu verander, nie die wet nie.

Wanneer die apostel verklaar dat ons nie die wet van God ongeldig verklaar nie (of dat ons nie die wet tot niet maak nie), maar dat ons dit bevestig (Romeine 3:31) beteken dit dat geloof nie lei tot die oortreding van die wet nie, maar tot gehoorsaamheid. Nee, ons probeer nie sê dat geloof lei tot gehoorsaamheid nie, maar dat geloof self gehoorsaam is. Geloof bevestig die wet in die hart. “Geloof is die vaste vertroue op die dinge wat ons hoop.” (Hebreërs 11:1) As die hart hoop op geregtigheid, sal geloof dit bevestig. Geloof lei nie tot antinomianisme (die godsdienstige beweging wat glo dat slegs die geestelike “wet van geloof” essensieël is vir verlossing, en staan alle ander wetsonderhouding teen as essensieël vir verlossing, en verwys daarna as “wetties”) nie. In plaas daarvan is dit die enigste ding wat antinomianisme teenstaan. Dit maak nie saak hoeveel mens roem in die wet van die Here nie; indien hy omvattende geloof in Christus ignoreer of verwerp, is hy glad nie beter af as iemand wat die wet direk aanval nie. Die man van geloof is die enigste een wat werklik die wet van God eer. Sonder geloof is dit onmoontlik

om God te behaag (Hebreërs 11:6); met geloof, is alle dinge moontlik (Markus 9:23).

Ja, geloof doen die onmoontlike, en dit is juis dit wat God van ons verwag om te doen. Toe Joshua aan Israel gesê het “Julle kan die Here nie dien nie,” het hy waarheid gepraat, en tog het God van hulle verwag om Hom te dien. Die mens is nie by magte om geregtigheid te doen nie, selfs al wil hy (Galasiërs 5:17), daarom is dit ‘n fout om te aanvaar dat God maar net wil hê dat ons ons beste doen. Hy wat nie beter as dit doen nie, doen nie die werke van God nie. Nee. Hy moet beter doen as wat hy kan doen. Hy moet dit doen wat slegs die krag van God deur hom kan doen. Dit was onmoontlik vir Petrus om op water te loop, tog het hy dit gedoen toe hy geloof uitgeoefen het.

Omdat alle mag in die hemel en op aarde aan Christus behoort, en omdat sy mag en krag tot ons beskikking is, en omdat Christus self in ons harte woon, is daar geen plek vir foutvindery as God van ons die onmoontlike verwag nie; want “die dinge wat by mense onmoontlik is, is by God moontlik.” Lukas 18:27. Daarom kan ons met vrymoedigheid sê, “Die Here is vir my ‘n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal ‘n mens aan my doen?” Hebreërs 13:6.

“Wie sal ons skei van die liefde van Christus - verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?” “Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.” Romeine 8:35, 37. “Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.” Romeine 8: 38, 39.